Die tipe 2 uit die handboek is 'n ronde stempel met vier variëteite en gebruik van 1852 tot 1880. Die 24 mm swart stempelvariëteit (2.b) noem ons vroegste datum Augustus 1855 en as laaste datum Mei 1857.

Nuwe datum

Hierdie swart stempel staan op die twee briewe wat ons nou afdruk met datums 5 Mei 1859 en 20 Julie 1860.

Konklusie

Die laatste bekende datum van die 2.b tipe kan ons nou opskuiwe van 1857 tot 20 Julie 1860.

Die handboek sê dat die stempel van Desember 1857 tot Desember 1865 net in blou gebruik is, daarna in groen tot Maart 1866 en weer in swart van Oktober 1869 tot Januarie 1878.

Dis duidelik dat die swart en blou stempelkussing 'n rukkie gelyktydig gebruik is en dit stem dan ooreen met wat hierbo al gefantaseer is, nl. dat die posmeester ook sy slaaf poswerk laat doen het. Ons fantaseer verder; nou kyk ons na die inhoud van die briewe, want daaruit kan ons ook nog gevolgtrekkings maak.

Die brief van 5 Mei 1859 is net 'n advies dat die rapport oor die eerste kwartaal aangestuur word. Dit is nie belangrik nie, dus: Swart stempel van die slaaf van die posmeester en die brief was deur die slaaf van die onderneming gebring.

Maar die brief van 20 Julie 1860 is wel belangrik, want, ná ontvangs van 'n brief van 26 April erken is, waaruit blyk dat die eienaars nie die verslag oor die 3e kwartaal van 1859 ontvang het nie (hy sal 'n kopie stuur) en kennis gegee word dat die koffiepluk 6 000 pond koffiebone wat op verskeping wag opgelewer het en gesê word hoe dit staan met die piesangs en kakao-boerdery, sluit die bestuurder sy brief af met:-





„Van de plantaadje hadden zich voor eenige weken 4 mannegers verwijderd zonder de minste reden daartoe te hebben. Ik heb mij toen onmiddellijk naar Nyd & Spyt begeven, ten einde de overige negers daarover te onderhouden. Zij gaven voor niet te weten waarom en waar die negers zich schuil hielden, doch beloofden hun best te zullen doen om hen terug te bregen. Die negers zijn echter gelukkig, op een na, dezer dagen bij mij gekomen en heb ik hen de straf opgelegd om een maand in een kettingboei op de Plantaadje zelve te gaan werken en hoop zulks voor het vervolg goed zal werken”.

Die eienaars in Nederland moet weet dat hulle 'n slaaf kwyt geraak het en dis 'n verlies van sê 600 gulden. Hy verpak sy slegte tyding baie mooi, want as hy nie daar was nie, was die verlies wel 2 400 gulden.

Self geneem

Met die wete dat 'n brief soek geraak het en die noodsaak


 Welhoort Gesteunge Heeren
 De Heeren C. H. Wintgens &
 J. D. de Rooij.
 to
 Maastricht
 per Mail
 via demerary
 & Southampton.


 Welhoort Gesteunge Heeren
 De Heeren C. H. Wintgens
 J. D. de Rooij.
 to
 Maastricht
 per Mail
 via demerary
 & Southampton.

om die verlies van 'n slaaf nou aan te meld kan 'n mens sekerlik sê, dat die bestuurder die brief self na die posmeester geneem het.

Maar wat van die swart stempel van die slaaf dan, sal u vra? en dit is nou eienaardig. Die swart van die stempel is nie heeltemal swart nie maar dit lyk of daar 'n blouerige ondergrond in sit. Die effek wat mens sou verwag as jy jou stempelkussing te droog vind en dan 'n ander een gebruik.

Ek het reeds die gevolgtrekking gemaak dat die posmeester se stempelkussing droog was en na die geselsie het hy sy stempel, wat nog blou was, gevat en op die swart kussing van die slaaf gedruk. Nie blou nie, maar ook nie heeltemal swart nie.

Die afleidings is nie baie wetenskaplik nie, en meer die werk van 'n speurder sal u sê wat hopeloos foutief kan wees.

Ek stem saam, maar tog, hoe gelukkig dat Suriname eers in 1873 sy eerste seëls gekry het en die stempels op 'n paar ou briewe ons nou 'n storie laat vertel wat mens net deur die studie van posgeskiedenis kan verstaan.

Hierdie is 'n aspek van posgeskiedenis wat nie bereik kan word deur seëls nie. 'n Filateliese plesier wat eindig waar jou katalogus begin.

Ons sê baie dankie aan dr J D Riddell van London wat sy toestemming gegee het om die stempelafdrukke uit sy pragtige boek vir hierdie artikel se illustrasies te gebruik.

Dr Riddell skrywe dan verder nog:

"I am very glad that you have discovered the earlier items. It was my opinion that there was a great deal more to be found out about the postal history of Suriname, which is what stirred me on to writing the book."

Heilige Land - Iets oor 'n geografiese versameling

deur Arie J. Bakker

Wie vòòr 1948 belangstelling gehad het vir 'n Heilige Land-versameling het begin om die seëls van Palestina te versamel. Die oordrukke lyk baie moeilik, maar as mens dit sistematies ondersoek, is kennis van Arabies of Hebreeus daarby beslis nie noodsaaklik nie en kan ons reg kom.

Die eerste Palestina-seëls, die E.E.F. (Egyptian Expeditionary Force) was besettingsseëls en ook geldig vir Transjordanie, Cicilië, Noord-Egipte en Sirië, dus is dit eintlik makliker om die seëls van Palestina te sien as 'n deel van 'n Midde Ooste-versameling, want in 'n Heilige Land-versameling kan ons die gebruikte seëls net in ons versameling sit as die stempels duidelik leesbaar is en aangee dat hulle afkomstig is van plekke wat in die Heilige Land geleë is.

Dieselfde beperkings is nodig vir die Palestina-seëls wat onder die Britse mandaat verskyn het.

Ongebruikte seëls

Die ongebruikte seëls val natuurlik almal onder 'n Heilige Land-versameling net soos die geval is met die ongebruikte seëls van Jordanië en Transjordanie want die Heilige Land is nie 'n postale eenheid nie maar 'n geografiese gebied wat ons in posgeskiedenis en seëls wil ontdek.

Vandag kan ons hierdie seëls ook almal versamel as Israelse voorlopers en waar Israel oor die hele wêreld 'n baie populêre versamelgebied geword het, kan ons verwag dat in die toekoms die voorlopers hoe langer hoe meer aandag sal geniet.

Maar Palestina begin op 10 Februarie 1918 en ons wil vroeër terug na die posgeskiedenis van die Heilige Land. Die vraag is eintlik – waar moet mens begin, of liever waar kan 'n mens begin. Dis duidelik dat in Palestina en omliggende lande al in die vroegste tye posvervoer plaasgevind het.

Bybelse briewe

In die Bybel lees ons byvoorbeeld al in 2 Kronieke 30:1 dat Jehiskia briewe geskrywe het aan Efraim en Manasse en vers 6 sê dat die hardlopers met die briewe uit die hand van die koning en sy owerstes deur die hele Israel en Juda gaan.

In Ester 3:13 lees ons: En briewe is gestuur met die handlopers na al die provinsies van die koning om al die Jode te verdelg . . .

En wat van Uriah wat 'n brief van David by sy generaal afgelewer het, en die brief van Naäman die Siriër? En vergeet nie die 21 briewe van die Apostels uit die Nuwe Testament nie?

Soek die spesifieke tekste maar op in u Bybel en skryf hulle maar oor op 'n beginblad vir u Heilige Land-versameling of as voorlopers van Israel, want daar lê die begin.

Opgrawings

By opgraving het argiewe soms tevoorskyn gekom wat bewys dat in die ou dae baie briewe verstuur en ontvang is. So is in 1887 in die omgewing van Kaïro 'n onderaardse gewelf ontdek, wat die boekekamer van Farao Amenhotep II blyk te wees en daarin baie briewe gevind is, o.a. van die Egiptiese prinse van Jerusalem en Jaffa aan hul opperleëner. Hierdie briewe was in die Babiloniese taal met spyker-skrif geskrywe op klei tafeltjies.

Daar is briewe op papiirus bekend wat van Palestina ge-

kom het. Miskien kan u 'n foto van sulke museumitems in die hande kry en by u versameling voeg, maar daar bestaan ook seëls van lande wat sulke items op hulle seëls afgebeeld het, soms waar 'n mens dit nooit sou verwag nie. Ek noem as voorbeeld die twee laagste waardes van Oostenryk se Wipastel van 1965.

Die ineenstorting van die Romeinse Ryk het ook 'n vermindering van die behoefte aan posvervoer vir amptelike briewe beteken en van dié tyd tot omstreeks 1100 nC weet ons maar min van die posgeskiedenis van die Heilige Land.

Kruistogte

Maar dan kom die Kruistogte om die Heilige Land aan die Mohammedane te ontruk, sodat die pelgrims die gewyde plekke kan besoek. Van 1096 - 1270 was daar in totaal agt kruistogte en België het in 1946 'n hele stel seëls uitgegee om 'n aantal van die manne wat naam gemaak het, te herdenk. Al het ons hier dan nie briewe nie, het ons die afbeeldings van mense wat die skrywers van briewe moes gewees het, wat beriggewing vanuit die Heilige Land met hul tuislande onderhou het.

In 1104 het die kruisvaarders Acre bestorm en die hawe hulle belangrikste aanvoerplek vir die Heilige Land gemaak. Acre is een van die oudste stede van die Heilige Land en word al in die Bybel genoem in Rigters 1 vers 31 waar genoem word dat die stam van Aser die Kananiëte van Akko nie verdrywe het nie. Die naam van die stad word genoem in 'n versameling Egiptiese briewe aan die Farao van 'n 3 500 jaar gelede.

'n Afbeelding van die ou hawe van Akko sien ons in die stel van 1967 wat Israel uitgegee het maar u kan ook die Italië-seëls van 1954 bysit wat die 700e geboortedag herdenk van Marco Polo, die Venesiaanse ontdekkingsreisiger wat sy reis van 24 jaar deur Asië in 1271 in Acre begin het.

Daar is baie kruisvaarderversting-ruïnes in Israel en seëls van Sirië, Libanon, Malta, Rhodes en Siprus kan ook die storie vertel.

Venesië

Ná die kruistogte word Venesië die handelsentrum van die wêreld en die Doges se gevorderde administrasie en diplomatieke sendings maak 'n doeltreffende posdiens noodsaaklik.

Hoe belangrik posdiens vir Venesiese handel was, blyk uit 'n boek oor posdiens wat in 1969 in Venesië verskyn het, waar verwysings na elf boeke in manuskripte gemaak word wat tussen 1489 en 1797 oor posdiens verskyn het. Hierdie tipe briewe sien ons gereeld op veilings en al sal u moet betaal vir briewe uit die Lombardo-Venesië-tydperk wat van of na plekke in die Heilige Land gereis het, is hulle bekombaar en is dit die eerste egte posstuk waarmee 'n Heilige Land-versameling begin kan word.

400 jaar Turks

In 1516 het die Turke Palestina verower en het daar tot 1917 hul heerskappy uitgeoefen. Hulle het die vier eeue vol gemaak sonder 'n spesiale herdenkingseël, maar 'n mens is nie verwonderd nie daar 'n posdiens nooit die Turke se baba was nie.

Waarom sou jy as Turk 'n posdiens onderhou? Die bevol-

king was ongeletterd en het nie 'n posdiens nodig gehad nie. Die handel het hulle eie agente en kapteins van skepe gebruik en die Sultan het sy diplomatieke korrespondensie aan die koeriers van die Oostenrykers toevertrou. In 1699, kort ná die vrede van Karlowitz, was daar al 'n koeriersdiens tussen Wenen en Konstantinopel, en daar bestaan bewys van 'n privaatbrief wat in 1719 deur hofkoeriers vervoer is. In 1746 kom 'n reëlmatige posdiens tot stand van Wenen na Konstantinopel v.v. en die afstand word in 17 tot 19 dae voltooi. Die diens bly egter in die hande van die Oostenrykers, ook in Konstantinopel.

Ander moondhede

Later het ander groot moondhede van die tyd ook hul konsulêre posdienste opgerig en as ons al die Levant-seëls by ons Heilige Land-versameling wil sit, moet ons kyk na die Levant-seëls van Oostenryk, Engeland, Rusland, Italië en Duitsland, want almal het ook plekke in die Heilige Land met hulle posdiens bedien. Hulle het almal geweet hoe winsgewend 'n goed georganiseerde posdiens kon wees.

Die Turke het hulself wel 'n bewys van onvermoë gegee deur die posdiens in hul eie land aan ander volke oor te laat. Ek lees bv dat in 1748 al tien duisend posstukke per jaar deur die Konstantinopel-kantoor van die Oostenrykse Konsulaat afgehandel word, dus ongeveer 12 maandelikse koeriersreise met 800 briewe. In 1886 is dit 'n half miljoen posstukke en die inkomste wat Oostenryk uit sy Levantposdiens trek, bedra 50 000 oost. gulden. In 1863 is Turkye dan uiteintlik so ver dat hulle hul eie seëls laat druk, maar die besigheid bly maar skaars.

Om oor hierdie pogings van Turkye te lees, oor hoe hulle gepoog het om die buitelandse posdienskonkurrensie te weerstaan, is lagwekkend. Solank as korrupsie, diefstal van inhoud van briewe met geld, soekgeraakte pos en groot vertragings nie kragtig bestry is nie, het dit nie gehelp om diplomatieke stappe te doen of met oorlogskepe te demonstreer of om op die Pos-Kongresvergadering, waarby die WPU opgerig is, aan te kondig dat jou posdiens nou voltooi is en dat die ander mense maar hulle kantore kan sluit nie. Die Kongres van Bern in 1874 lag net en almal bly waar hulle is.

Soek u maar mooi na die Levant-seëls met die leesbare stempels van die Heilige Land of vir die ongebruikte seëls.

Daar is natuurlik ook Turkse seëls wat 'n stempel gekry het van 'n stad of 'n dorp in die Heilige Land-gebied en dit is nou die doel van hierdie artikel.

Voordat Turkye in 1874 toetree het tot die posunie het sy posdiens net gebruik gemaak van stempels met Turkse (Arabiese) skrif. Na die toetreding moet ook die naam in Latynse skrif in die stempel voorkom, sodat iemand wat nie die Turkse skrif kon lees nie die herkoms van die brief ook kan nagaan.

Verstaan u dat daar onder die Turkse seëls, waarin u nog nooit belanggestel het nie, baie interessante seëls kan wees, dit wil sê as hulle 'n leesbare stempel van 'n plek uit die Heilige Land het. Uiteraard sal dié seël van nie later as van die 1917-uitgawe kan wees nie.

Maar wat van die seëls wat vanaf 1863 tot, sê 'n paar jaar ná die U.P.U. toetreding in 1874, die stempels in Turkse skrif dra? Kantore met min posverkeer het die ou stempels nog jarelang onveranderd gebruik, veral vir die binnelandse pos.


As on stempels van daardie dae sien, sal dit in die meeste gevalle wel stempels wees van ander plekke as wat ons spesiaal soek! Maar as u dan ook 'n werklike Heilige Land-stempel sien, is selfs die kwaliteit van die seël nie meer so belangrik nie. Dan het u 'n item wat op veilings in Israel afsonderlik opgeveel word, want hulle is baie skaars.

Holy Land Philatelist

In 1954 het wyle F W Pollack 'n filateliese maandblad die lig laat sien wat sy gelyke nog nie gevind het nie. Dit was The Holy Land Philatelist. In September 1961 het die laatste uitgawe (81/82) verskyn.

In hierdie maandblad het ek hier en daar 'n melding gevind van stempels wat bekend was of nuut ontdek is, maar daar is sover my bekend nie 'n uitgawe waarop al die stempels bymekaar staan nie en wat geraadpleeg kan word as ons 'n Turkse seël met die dubbelrand-vierkant-stempel daarop raakloop.

Sketse van die stempels waarna u moet soek vir u Heilige Land-versameling volg nou en kyk nou maar u ou vergete




Verwysing Holy Land Philatelist blad	Pleknaam	Kleur Stempel	vroegste	laatste
197 299	1. Acre	a. swart b. ?	Jan. 1871 op 'n Turkse seël van 1865	20.4.1876
1047	2. Gaza	?	op 'n Turkse seël van 1870/72	
332	3. Haifa	swart	Jan. 1871	20.4.1876
736	4. Hebron	groen	1892	14.3.1901
405	5. Jaffa	a. blou en swart b. blou	16.10.1868 ?	Jan. 1871 25.1.1875
508	6. Jerusalem	blou en swart	16.10.1868	20.4.1876
357	7. Nablus	a. swart b. blou en swart	? 1973	1871 25.1.1871
1184	8. Nasareth	?	?	ca. 1875
242	9. Tiberias	blou	Jan. 1871	20.4.1876

goedjies deur want miskien sit u op 'n skat. Die stempels staan partykeer maar deels op 'n seël en dan moet u maar pas en meet om na te gaan of dit een van die gesogtes is of nie.

Dis duidelik dat die Turkse posdiens die dubbelkassie-stempel met die naam in Turkse skrif na 20 April 1876 ingetrek het. Aangesien die stempel daarna nie meer gebruik is nie lyk dit waarskynlik dat die opdrag gegee is aan die posmeesters om die stempel te vernietig. Dit het die posmeester van Hebron miskien nie gedoen nie en 'n opvolger wat 16 jaar later die stempel in 'n ou hoekie gevind het, het die stempel weer in gebruik geneem en niemand het geweet van die ou voorskrif om die stempel te vernietig nie. So het die stempel dan nog nege jaar verder gelewe.

Die Turkse poskantoor van Jerusalem het sy werk op 1 Junie 1865 begin en die literatuur maak melding van Jaffa ook omstreeks 1865. Die twee vroëre datums van 16.10.1868



BATTAL
= gekanselleer


is miskien toevallig, maar dit kan ook beteken dat op dié datum 'n amptelike stempel in gebruik geneem is, net soos die drie stempels van Jan. 1871 vir Acre, Haifa en Tiberias. Hierdie drie kantore het toe ook al 'n paar jaar bestaan.

By die ondersoek het ek nog 'n paar items raakgeloop en dis miskien ook van belang vir ons lesers.

Turkye het 'n stempel gebruik vir sy eerste seëls met die woord BATTAL (= gekanselleer) in Turks en omlin met drie of vier punt-lyne in 'n vierkant. Dit is bekend dat 'n brief van Beiroet so 'n stempel gekry het. Dis al. Maar dit kan natuurlik ook wees dat op ander plekke so 'n stempel gebruik is.

Dan is daar 'n stempel KIBRIS (= Siperus) en dis van belang vir ons Siperusversamelaars. The Holy Land Philatelist sê dat die drie stempels nou bekend is almal op Turkse seëls van 1871 staan. Die nuut ontdekte vierde stempel staan op 'n Turkse seël van die 1880/84 uitgawe (Yvert No 53). Die inkomste van die Turkse poskantoor op Siperus was in die jare £14 per jaar. Geen wonder nie dat die stempel wat ons hier afbeeld skaars is.

Ek vra nou maar, wie weet van meer stempels, bv die ronde stempels wat die Turke op die ou seëls in die Heilige



KIBRIS
= Cyprus

Land gebruik het. Met almal se kennis, sal ons tot 'n meer volledige insig kom.

Summary

Holy Land is not a postal but a geographic entity and as Israel is one of the most collected countries all over the world we can expect a growing interest in Holy Land philately, especially as far as Israel precursors is concerned.

All stamps used at places within the borders of the old twelve biblical tribes of Israel belong to a Holy Land collection, so they include stamps of Turkey (till 1917) Levant offices, Palestine and Jordan in mint condition. The cancelled copies are limited to the readable cancellations from Holy Land post offices.

Suggestions are made how to build up a Holy Land collection and special attention is given to the scarce and valuable Turkish (Arabic) cancellers used a century ago in nine Turkish post offices in the Holy Land.

Reference is made to the pages from The Holy Land Philatelist, issued monthly during 1954 - 1961, from which all particulars are extracted. From the list emerges two until now unknown remarkable conclusions, viz.

- the arabic cancellers were obviously withdrawn on 26 April 1876 and destroyed; and
- Hebron's postmaster did not follow instructions and the withdrawn canceller was found 16 years later and re-used for at least another 9 years.

Readers are requested to search for old Turkish cancellations and to try to improve the knowledge of this part of the Holy Land philately.

as 4/- (40c) nie. Soos dit nou nog maar met 'n jongetjie gaan wat met seëlversamel begin, was getalle vir hom destyds meer belangrik as enigiets anders. Sy weeklikse verdienste is gevolglik aangewend om pakkies van „50 Duitsland vir een sjieling” of iets dergeliks aan te skaf.

Probeer reghelp

Alex Bronks was egter nie gelukkig met die seun se keuse nie en het probeer om hom reg te help. Na sowat 'n jaar van pakkieskoop het hy met 'n ander voorstel gekom: „Kyk”, sê hy, „waar bring al die honderde goed wat jy noual van my gekry het jou? Hoekom neem jy nie liewers hierdie stel nie, of hierdie een, of selfs hierdie?” En hy sprei drie stelle oop, absoluut splinternuut en neutvars.

Die eerste van die drie stelle het uit 25 seëls bestaan en die prys was £4.10.0, die tweede het drie seëls bevat en het £1.10.0 gekos en die derde was 'n stel van vier, ook vir £1.10.0. Die oubaas beduie verder: „Jy bring weekliks jou seëls in en ek krediteer jou met 'n halfkroon. Sodra jou krediet £4.10.0 beloop kry jy hierdie stel”, en sy voorvinger tik-tik op die voorraadkaart met die 25-stel. „Of”, sê hy voorts, „wanneer jou krediet £1.10.0 is . . .” „Nee meneer Bronks. Baie dankie. Maar ek kan dit nie doen nie. Dit sal beteken dat ek byna 'n jaar sal moet wag voordat ek weer iets het om in te plak. Gee my maar liewers die pakkie van 100 Oekraïene van een halfkroon.”

Die oubaas maak toe so maar nie sonder om te protesteer

nie. „Ek doen dit teen my sin”, sê hy, „want ek sien dat posseëls jou erns is en ek wil graag sien dat jy goeie seëls vir jou moeite kry.”

Kopgee was min!

Die week daarop en telkens daarna het hy van die seun verneem of hy nie van plan wil verander nie. Maar kopgee was min en die seun se weeklikse aanwins het vir drie jaar op 25 tot 100 pakkieseëls gebly.

Seëls? Ja! Maar later het dit tog geblyk dat Alex Bronks reg was en dat die getalgierige jong posseëlversamelaar op die ou end met 'n klomp nuttelose seëls opgeskoop gesit het.

Watter drie stelle het Alex Bronks verkies om in die jong versamelaar se album te sien? Die stel van 25 – die Unie se koningskopstel volledig met al die kleursoorte en albei ponde! (Sal R500 hierdie klompie vandag kan koop?); die stel van drie – die Graf Zeppelin-stel van die VSA wat vandag teen sowat R350 genoteer word; en die stel van vier – die Britse WPU-uitgawe van 1929 waarvoor R300 vandag uitgehaal sal moet word.

Ja, dit was te laat om slim te wees. Gelukkig nie te laat vir die nuwe versamelaar om uit die bode van weleer se ervaring 'n bietjie wysheid te put nie. Die raad wat hy nou aan die groentjie wil gee is die volgende: As jy 'n versameling begin, laat staan die gewone goedjies vereers – hulle styg nie so kwaai in prys nie en kom later vanself kraal-toe. Lê jou eers toe op die duur stukke, so nie rank hulle pryse later buite jou bereik en dan kom die spyt – te laat, soos gewoonlik.

How I “tore” into a fortune

by Hans A. Hofman

At the beginning of 1948 a wellknown philatelic person in Johannesburg paid me a visit at my office.

While we were talking the postman delivered a large registered envelope franked with a lot of Palestine stamps. My visitor asked me for these stamps, and wanted to know what the contents of that large cover would be. I told him that somebody in the Holy Land had talked me into ordering 20 sets of stamps, which will or will not be issued in a new State (name of which had not been decided yet), to be formed in the near future within the borders of what was at the time the British mandated territory of Palestine.

Under the curious eyes of my visitor I extracted from that envelope 20 sets of not very pretty stamps, and an invoice over £45-00. The stamps had little bits of paper attached at the bottom, and on these bits again a very narrow selvedge. In those days the word “tab” in relation to philately was unknown. I looked at those stamps, or were they labels? uncomprehendingly.

The meaning of these little appendages eluded me, as I cannot read Hebrew. Neither could my visitor. I decided to “improve” on this rather unattractive lot to make it more sealeable. The more so as I had a “brainwave” that the message on these appendages was a propaganda slogan similar to our bantam stamps whose appendages exhorted the people “Buy Union Loan Certificates, Koop Unie-Lenings-sertifikate”. I immediately tore off those offending appendages. Well, those appendages were shortly afterward called “tabs”.

To-day the first set of Israel depicting ancient Hebrew coins with tabs and selvedge costs anything between R4 000 to R5 000, if you can obtain one. And I had 20 sets!!!

Ons chroniese beswaarmaker (2)

Lid Immerkla: Meneer die voorsitter, ek maak beswaar teen die behandeling wat ek van die Rondsensbeampte kry.

Die afgelope maand het ek nie 'n enkele pakkie ontvang nie. Ek maak beswaar. . .

Die Voorsitter: Kan die Rondsensbeampte op die beswaar antwoord?

Die Rondsensbeampte: As die pakkies nie êrens vertraag word nie behoort die beswaarmaker elke maand twee pakkies te ontvang.

Die Voorsitter: Ons gaan voort met die sakelys.

Lid Immerkla: Meneer die voorsitter, ek kan die verduideliking nie aanvaar nie. Ek maak beswaar. . .

Ons chroniese beswaarmaker (3)

Lid Immerkla: Meneer die voorsitter, ek maak weer beswaar teen die behandeling wat ek van die Rondsensbeampte kry. Die afgelope maand het ek ses pakkies ontvang.

Die Voorsitter: Kan die Rondsensbeampte op die beswaar antwoord?

Die Rondsensbeampte: As die pakkies nie êrens vertraag was nie sou die beswaarmaker net twee pakkies ontvang het.

Die Voorsitter: Ons gaan voort met die sakelys.

Lid Immerkla: Meneer die voorsitter, ek kan die verduideliking nie aanvaar nie. Ek maak beswaar. . .

Advieskomitee – Erik Thamm, die AFV se eresekretaris, dien al tien jaar lank so stil-stil die belange van Suid-Afrikaanse versamelaars as lid van die Poskantoor se posseëlontwerp-advieskomitee.

Estland Nommer Een

deur Erik Thamm

Met die revolusie van 1917 en die ineenstorting van die Russiese keiserryk het dit vir die Estniese politieke en kultuurleiers duidelik geword dat die tyd aangebreek het om hul land na 700 jare onderhorigheid onafhanklik te verklaar en van Rusland af te stig.

Al was die Eerste Wreldoorlog nog nie verby nie en die Baltiese provinsies van Rusland (Estland ingesluit) deur die Duitse leër beset, is op 24 Februarie 1918, in die geheim, die Estniese vrystaat geproklameer en 'n skimregering gevorm.

Op die spore van die stadig terugtrekkende Duitse leër het die Kommuniste probeer om die land oor te neem, maar hulle kon deur die nuwe Estniese leërformasies en die hulp van vrywilligers van Duits/Baltiese oorsprong, Finne en Swede teruggedryf word, en kon die nuwe staat met sy werksaamhede begin.

Dit was die algemene geskiedenis. Afgesien van die nuwe vlag was die volgende teken van onafhanklikheid hul eie seëls. Dit het intussen November 1918 geword. Russiese seëls was nou ongeldig en ongewild, dus moes voorlopig die briewe by die toonbank inhandig en die posgelde betaal word, waarop die posamptenaar met 'n pen die woord „betaald” met sy handtekening en die datum op die brief geskryf het.

Op 18 November het die nuwe ministerie van poswese op soek na 'n geskikte instansie hom na mnr Zero van die drukkerij Mans in Tallinn gewend met die versoek om sommer dadelik 'n seël vir hulle te ontwerp (baie drukkers, ook staatsdrukkers, ken sulke dringende omstandighede waar wondere geëis en ver wag word).

Die tyd was min en mnr Zero moes 'n plan maak. Om van vooraf te begin, daartoe was daar nie tyd nie, maar daar was 'n moontlikheid om die onmoontlike tog reg te kry. Tydens die Duitse besetting is die drukkerij deur die Duitse besettingowerhede gevra om 'n paar inkomsteseëls (Stempelmarke) vir hulle te druk. Dit was feitlik klaar toe die Duitsers pad gegee het. Hierdie seël het 'n Middel-eeuse Hansaskip gewys met die bewoording „Hauptstelle fuer Handel und Gewerbe” bo en „Reval” onder, met die waarde – 25 Pf – in al vier hoeke. Die tweede soortgelyke seël se bewoording bo was „Rohstoff- und Handelsabteilung” bo.



(1) Die Duitse „Stempelmarke”

Dit was egter die agtergrond wat mnr Zero die idee gegee het. Dit was 'n gestileerde ornament wat 'n mens met 'n bietjie verbeelding 'n blommepatroon kon noem. Haastig is die patroon paslik saamgeflans, selfs die syfertepe het onver-

anderd gebly die woorde „Eesti Post” in die middel gesit en 'n matrys vervaardig wat aan die owerhede voorgelê is wat dit met net klein veranderinge gou-gou aanvaar het. Nou kon aan die vervaardiging van die druksteen gedink word wat dan deur 'n ander drukkerij, Bõlau by Nõmme (dorpje naby Tallinn), gebruik is om die eerste Estniese seël te druk.




(2) Die eerste seël

Hierdie seël sou op 22 November verskyn het, maar dit kan nou met sekerheid gesê word dat daar 'n verdrag was en dat dit eers op 24 November by die toonbank beskikbaar was. Hoe dit ook al sy – hierdie klein verdrag kan gekondoneer word as 'n mens in aanmerking neem watter moeikhede oorkom moes word voordat die eerste seël van die nuwe Europese staat die lig kon sien.

Ter afsluiting: weens papierskaarste is proewe van die seël op ou Russiese bioskoopkaartjies getrek, wat later 'n baie gesogte item vir die versamelaars geword het.



(3) Die bioskoopkaartjie



(4) Proef op kaartjies, wat self op 'n wit deel van 'n advertensie gedruk is.

Bibliografie: Esimene Eesti postmark 50-ne aastane – Pamflet uitgegee na aanleiding van die 50-jarige bestaan van die eerste Estniese seëls 1968, Stockholm Republiken Estlands I. Frimärksemmission. Harry Walli 1951 Estlands erste Briefmarkenausgabe. E. Noselius Uf No. 2-1939. Svensk Filatelist Tidskrift.

Skryf Afrikaans

Dit was 'n deurbraak vir die AFV toe die eerste nuusberigie in Afrikaans 25 jaar gelede in The South African Philatelist verskyn het. Vandag verwelkom die blad bydraes, artikels, briewe en berigte in Afrikaans.

Hiervoor kan ons dankie sê aan – Fanie Vermaak RDPSA, wat nie alleen 12 jaar as sakebestuurder van die blad skouer aan wiel gesit het nie, maar tien jaar gelede moeisam 'n „Afrikaanse bladsy” begin het.

– Joh Groenewald, wat in 1970 die redaksie begin help het, in 1972 die blad 'n nuwe voorkoms laat kry het en steeds as ere-assistent-redakteur baie ure se werk ingooi.

– al die versamelaars wat in Afrikaans aan ons blad skryf.

Die Andreas-kruis

deur Tom Kuipers

In posseëlboekies wat deur die posterye van verskillende lande uitgegee word, sien 'n mens soms, as gedeelte van die paneel van seëls, 'n blanko seël met 'n kruis – die sogenaamde Andreas-kruis.

Die boekies word deur muntmasjiene verhandel en moet dus 'n totale seëlwaarde hê wat gelyk is aan die waarde van 'n muntstuk wat in omloop is in die betrokke land en dit is nie altyd maklik om 'n paneel in seëls op te maak tot die waarde van hierdie muntstuk nie.

Blanko seël

Neem bv 'n 20 sent-muntstuk vir 'n posseëlboekie bestaande uit 5 seëls van 4 sent elk. Die paneel bestaan uit 2 rye van 3 seëls elk, dws 6 seëls waarvan een seël blanko moet wees. Die Andreas-kruis word dan op hierdie blanko seël gedruk. Waarom dan hoegenaamd enigiets druk? Dit is om te voorkom dat die blanko seël gebruik word vir die namaak

van die egte seël. Die blanko seël het dieselfde tanding, watermerk, en papier en is dus net reg vir 'n vervalsing van daardie seël.

By Duitse en Belgiese posseël-boekies word die blanko seël ook baie maal gebruik vir reklamedoeleindes, sowel deur privaat ondernemings as deur die posdiens self.

Die Andreas-kruis soos hier gebruik het sy oorsprong van die Apostel Andreas, die man wat sy broer Simon Petrus aan Jesus voorgestel het. Hy was ter dood veroordeel in die jaar 60 ná Christus en het homself te onwaardig geag om aan 'n soortgelyke kruis soos die van Jesus gekruisig te word. Hy het toe die kruis soos die letter x verkies.

'n Gedeelte van sy oorblyfsels is later na Skotland vervoer en hy het die beskermheilige van die land geword.

Die „St Andrews Ambulance Association”, gestig in 1882 het ook hierdie soort kruis as hul embleem vir hulle noodhulpdiens in Skotland gekies. Oorspronklik was dit 'n wit kruis op 'n blou veld.

A lesson in history

by Hans A. Hofman

Until the end of 1972 South African stamps in sterling currency were valid for postage, although we had since February 1961 stamps in the decimal currency. To get rid of the old currency stamps I used on my mail, a year before expiry date, the very first Union stamp SG No 1, a 2½d stamp.

My stamps still in mint condition were useless for the collector, as the gum was badly cracked, discoloured and the gum had lost its adhesion quality. One had to glue them on. Thus in order to save 2½d on my postage, and give the recipient the pleasure to get a used SG No 1, which at the time was catalogued about 75 cents in this condition, I used this stamp with others on a registered letter, containing some Canadian stamps, to a collector in Port Elizabeth.

Unfamiliar stamp

This is what happened at the counter of one of the larger POs in Johannesburg: It was my turn in the large queue behind me to hand in my letter. The young lady (about 21 years old) looked at the unfamiliar stamp, and said politely “dit is 'n kersfeesseël”. I replied that this is a valid postage stamp, whereupon she disappeared with my letter in the background, under the grumbling of some people behind me.

After a short while the lady returned with a stern looking gentleman holding my letter, and asked me “Sir, do you know what you are doing? This stamp, apart from the others, is worth a hundred Rand.”

Some people behind me pushed forward as I could feel, when they heard something about R100. I replied that I am quite prepared to sell him the whole letter with the contents for R10. He shrugged his shoulders, instructed the young lady to accept my letter, and gave me a compassionate look, as having a case before him of mild lunacy.

The lady busy making out the receipt asked me “Who is that bloke on that blue stamp? No, it is not van Riebeeck, it is Simon or Adriaan van der Stel.” I shook my head and said it was King George the Fifth. She pushed the receipt at me and countered contemptuously: “There is not such a King.”

In the meantime the queue had grown behind me, as this

transaction had taken about 7 minutes, and I had the distinct feeling, judging from the murmuring and grumbling behind me, that I had not gained in popularity. I quickly made my way to the exit, and heard one woman rather loudly remark “some people can't frank their letters right”.

Ons chroniese beswaarmaker (4)

Lid Immerkla: Meneer die voorsitter, ek moet beswaar maak teen die manier wat die posmense met my pos werk. Laas Donderdag het dit hard gereent maar die briewebesteller het nogtans my pos in die bussie aan die hek gesit met die gevolg. . .

Die Voorsitter: Wat moes hy doen – jou pos terug neem? Dan sou jy ook beswaar. . .

Lid Immerkla: Meneer die voorsitter, ek maak beswaar. Die Vereniging moet iets daaromtreng doen.

Die Voorsitter: Die Sekretaris neem kennis van jou beswaar. Hy sal seker. . .

Lid Immerkla: Hy sal nie, meneer die voorsitter. Ek ken hom. Ek maak beswaar. . .

Afrikaanse terme

Een van die baanbrekertake van die AFV was die daarstelling van die eerste Filateliewoordelys (Engels/Afrikaans), wat op 15 Maart 1954 verskyn het danksy die onvermoede ywer van ons oprigterlede Fanie Vermaak en J W Schubart.

Die voorwoord is geskryf deur senator Tom Naudé, destyds Minister van Pos- en Telegraafwese.

Nadat dié nuttige boekie in 1973 uit voorraad geraak het, is begin met die saamstel van 'n hersiene en vergrote nuwe uitgawe. Die AFV word met hierdie werk bygestaan deur die Vaktaalbuuro van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Die inlywing van Oostenryk by Hitler se Derde Ryk (Die Anschluss) 1938

deur W. Gryzenhout

In Julie 1934 word die destydse eerste minister van Oostenryk, Dollfus, deur die Nazi's vermoor en sy opvolger, dr Schuschnigg, onderdruk die opstand met sukses.

Onder leiding van Seyss-Inquart (ses en 'n kwart) veroorsaak die Nazi's soveel moeilikheid dat Schuschnigg gedwing word om toe te gee aan al Hitler se eise en op 'n vergadering in Innsbruck op 9 Maart 1938 besluit hy om 'n volkstemming te hou op 13 Maart 1938. Hiermee kon die Oostenrykers besluit vir onafhanklikheid of vir aansluiting by Duitsland.

Hoewel Hitler self op 12 Februarie 1938 tydens sy byeenkoms met Schuschnigg die stemming voorgestel het, was die volkstemming egter die laaste ding wat hy wou gehad het, omdat die Oostenrykers sterk ten gunste van hul eie regering was. Op 11 Maart 1938 het die Duitse troepe op die Oostenrykse grens saamgetrek. Om oorlog te voorkom, het Schuschnigg aan Hitler se eis toegegee, die stemming gekanselleer en as eerste minister bedank. Duitse troepe het op 12 Maart 1938 die grens oorgesteek en geen teenstand ondervind nie.

Hitler besoek sy geboortedorp Braundorf op dieselfde dag vir die enigste en laaste keer, vandaar reis hy verder na Linz, waar hy wag totdat Himmler, leier van die S.S., reël vir sy intog in Wenen. Die Anschluss is op 13 Maart 1938 voltooi, toe die Anneksasiewet deur Hitler in Linz afgekondig word. Die wet het voorsiening gemaak vir 'n „vrye” volkstemming, op 10 April 1938, om te besluit of die Oostenrykers by Duitsland wou aansluit of nie. Die uitslag was 99,75% ten gunste van aansluiting. Oostenrykers moes hulle stemme oop en bloot uitbring, in die teenwoordigheid van 'n soldaat. Dit was dus 'n dapper man wat nee durf sê het.

Die oorname is behoorlik deur die poskantoor uitgebuit met spesiale seëls, stempels en poskaarte.

Seëls

Die sg. „Anschluss”-seël is uitgegee op 8 April 1938 om die volkstemming van 10 April 1938 te herdenk. Ontwerp deur prof E Puchinger. Die seël beeld 'n Duitse soldaat en 'n Oostenryker uit, wat beskerm word deur 'n Nazivlag. Daar was twee verskillende uitgawes, nl 'n Duitse en 'n Oostenrykse druk.



<i>Druk</i>	<i>Duits</i>	<i>Oostenryk</i>
<i>Tanding</i>	14 x 12½	12½ x 12½
<i>Watermerk</i>	swastikas	geen
<i>Seëlgrootte</i>	23,5 x 28 mm	21,5 x 26 mm

Die verskille is soos volg:

Duitse druk

Gedruk deur die staatsdrukker Berlyn, tanding 14:13½ met swastika-watermerk. Grootte van seël 23,5 x 28 mm. Kleur: effens gryswit.

Oostenrykse druk

Gedruk deur die staatsdrukker Wenen, tanding 12½ x 12½, sonder watermerk. Grootte 21,5 x 26 mm. Kleur: spierwit.

Spesiale stempels

In datum-volgorde.

15 tot 17 Maart 1938 Wenen

Der Führer in Wien.

Daar was 2 tipes groot en klein gebruik deur ses verskillende Weense poskantore.

2 April 1938 Wenen

Tag der legion.

'n Gewone stempel sonder 'n tekening.

2 tot 10 April 1938

Om 10 April dem Führer Dein Ja.

Gebruik in Wenen, Graz, Klagenfurt, Innsbruck, Salz-



burg en Linz.

Die „Linz” stempel is die skaarsste van almal. Hierdie stempel is ook in Duitsland gebruik.

3 tot 8 April 1938

Der Führer Spricht.

Gebruik in die volgende stede:

Graz: 3 April

Klagenfurt: 4 April

Innsbruck: 6 en 7 April

Linz: 8 April

9 April 1938 Wenen

Ein Volk – Ein Reich – Ein Führer.


Stempel kom ook in rooi voor.

Ander stempels meestal van private oorsprong was ook in gebruik, bv „Wir alle stimmen für Führer und Reich” in gebruik vanaf 25 Maart tot 28 Maart.

Spesiale poskaarte

Aan die prentkant ’n kaart in goud van die vergroote Duitsland, met die belangrikste stede, die Duitse wapen en Hitlerkop in die middel van die landkaart. Onderaan verskyn die datum 13 Maart 1938 en die woorde: „Ein Volk Ein Reich Ein Führer”. Aan die agterkant verskyn ’n gebosseleerde „Anschluss”-seël van die Duitse weergawe.

Die stempel „Der Führer Spricht” is spesiaal op hierdie poskaarte gebruik.



Ten slotte

Duitse seëls was geldig vanaf 4 April 1938 en die ou Oostenrykse seëls geldig tot 31 Oktober 1938. Die Oostenrykse seëls was egter nooit geldig in Duitsland nie.

Gemengde frankering kom dus gereeld voor, veral op filatelistiese stukke; eg gebruikte posstukke is egter skaarser.

Die tydperk 12 Maart 1938 tot 10 April 1938 is beslis van die interessantste in die Oostenrykse posgeskiedenis en leen hom maklik tot spesialisasie.

Ou koerante gesien deur ’n filateliste-bril

deur Ursula Massmann

Voor my lê die eerste koerante van Suidwes-Afrika, waarvan die eerste uitgawe op 12 Oktober 1898 die lig gesien het, naamlik die „Windhoeker Anzeiger”. Dié naam is later tot „Deutsch-Südwestafrikanische Zeitung” verander.

’n Mens sou dink dat die filatelis daardie dae nog nie gebore was nie maar ek het onder die advertensies wel hierdie soort mense raakgeloop. Die eerste advertensie wat ek raakgeloop het was nie ’n versamelaar uit Duitsland nie – soos ’n mens sou verwag – maar een uit Transvaal. ’n Sekere mnr Wilh, Karsten van Maraisburg het reeds in Mei 1898 seëls en briewe uit Suidwes gesoek.

Verder het ek opgemerk dat die oranje 25 pfennig van Duits-Wes uit die jaar 1898 toe reeds begeerlik was want verskeie adverteerders was spesiaal op soek na hierdie seël. Blykbaar was dit daardie tyd reeds skaars en ons hoef nie nou verwonderd te wees dat dit vandag so duur en feitlik onverkrygbaar is nie.

Poskaarte

Ander versamelaars was weer op soek na poskaarte – en nogal baie van hulle uit Suidwes – ’n faset waarin vandag maar min belangstelling getoon word.

Van poskaarte gepraat, ek het ook onderstaande beriggie gevind: ’n vriend uit Duitsland vra ’n vriend uit Suidwes vir ’n natuurgetroue poskaart van die land. Die Suidwester koop toe ’n gewone poskaart, smeer lym daarop en gooi sand daaroor en stuur die poskaart aan met die woorde „Nou het jy ’n natuurgetroue poskaart uit Suidwes!” (Ons vriend was blykbaar in Swakopmund woonagtig!?). Hierdie poskaart sal sekerlik Lou Abrams se versameling verryk.

Die poskantoor op Swakopmund is op 30-5-1895 geopen. Die dorp het destyds slegs ’n paar inwoners gehad, wat nie

’n permanente posamptenaar geregverdig het nie en ’n handelaar, ’n sekere mnr O Erhard, het as ’n bysaak dié pos bekleed.

Pos vir die hele land


As ’n skip in die „hawe” gekom het, wat een keer per maand gebeur het, het hy baie werk gehad. Hy het dan sy winkel gesluit, „poskantoor” toe gestap en begin om die inkomende posakke te sorteer, nie alleen vir die plaaslike mense nie maar vir die hele land. En terwyl hy hiermee besig was, is hy gedurig deur die inwoners lastig geval wat kort-kort nuuskierig gevra het, „Is daar pos vir my?” Dit het sy werk vreeslik vertraag en hy het hom vererg.

Erhard tref toe ’n ooreenkoms met die mense: As ek klaar is met die sorteerwerk van die posakke sal ek buite ’n pistoolskoot afvuur en eers dan kan julle kom en julle pos kom haal, maar asseblief nie voor daardie skoot nie! En dit het wonderlik gewerk.

Posdraers

In die ou tyd is van Bantoe-posdraers gebruik gemaak om so spoedig moontlik posakke van die binneland na die kus te besorg. Ossewaens was te stadig en ’n spoorlyn het nog nie bestaan nie. ’n Poging om hierdie posdraers deur kameelruiters te vervang – die roete het deur die Namib-woestyn gegaan – het misluk. Die Bantoe-draers het beter werk verrig. Dit is daarom ook besonder paslik dat hulle gedenk is deur die uitgawe van die 3c-seël van 1965 tydens die 75-jarige bestaan van die hoofstad Windhoek aan hulle te wy.

Enkele van hierdie draers het nooit hul bestemming bereik nie omdat hulle onderweg omgekrom het. Een van hulle



het 'n ander teenspoed gehad. Hy het snags 'n vuurtjie gemaak as hy gaan slaap het. Die possak het te naby aan die vuur gelê en uitgebrand. Die posdraertjie het toe terugge-loop en gesê: „Pos is kai (weg). Het uitgebrand. Baas moet my nou nuwe pos gee!”

Die naam „Windhoek” is eers op 16-5-1903 na die Duitse spelwyse „Windhuk” verander. Die Suid-Afrikaanse be-settingsmagte het blykbaar nog tot die einde van die Eerste Wêreldoorlog ook die naam „Windhuk” gebruik voordat dit weer na „Windhoek” verander is.

Openingsfunksie

Ek het ook van 'n EDK gelees. Die poskantoor-tjie op Hasis is op 18-2-1900 geopen en vir hierdie plegtigheid het

inwoners van Windhoek Hasis toe gery om dit by te woon. Daar is 100 posstukke – poskaarte en briewe – op hierdie openingsdag gehanteer; 'n geweldige groot aantal vir daardie tyd en plek. Wie sou nog van hierdie vroeë EDK's hê? Ten slotte nog, 'n afdruk van 'n oulike adres, sonder poskodes, posbusnummer en selfs straatnaam. Was dié ou tyd nie miskien tog die goue tyd nie?

Adres van die veldposkaart: (Vertaling)

„Mnr. Onderoffisier Bünz, Administratiewe-Senior-Voedsel-Meester te Omaruru, hy woon links van die bakkerhuisie naby die perdekraal.”

Terloops: Omaruru het in 1904 slegs 'n paar blanke inwoners gehad, dit was seker nie eens 50 nie.

(Uit die argief van die Vereniging vir Wetenskaplike Ontwikkeling, Swakopmund).

Waarom ek Suid-Afrikaanse seëls versamel

deur Thys Rall

Toe ek as jongeling seëls begin versamel het, was ek in al die lande van die wye wêreld geïnteresseerd behalwe Suid-Afrika. Toe ek eger eers Suid-Afrikaanse seëls agtergekom het, het ek al die ander lande totsiens gesê en net op Suid-Afrika gekonsentreer.

Vir so 'n algehele regsomkeer moet daar seker baie goeie redes wees. Laat my verduidelik.

Dit word algemeen aanvaar dat 'n posseëlland versamelaars lok wanneer sy uitgifte volop geleentheid vir studie en navorsing bied. En as dit waar is, is daar geen land wat vir Suid-Afrika kan kers vashou nie; geen land wat ek ken se seëls bied so 'n uitdaging aan die versamelaar as juis ons eie Suiderland nie.

Sestig verskillend

Neem nou die doodgewone ½d Springbok. Hierdie alle-

daagse seëltjie is, soos hy nie daar lyk nie, rondom die sestig keer verskillend gedruk; eers in London, toe in Pretoria, elke verskillend. Hulle is gedruk vir boekies, vir rolseëls in lang repe van oor die duisend eenhede maar dieselfde rolseëls was ook in velformaat beskikbaar en omdat hierdie velle nie bo en onder pyltjies gehad het nie vanweë die twee ekstra rye wat vir rolseëls ingevoeg word en dus aaneen geloop het, het die twee silinders nie altyd van dieselfde plek af weggespring nie met die gevolg dat 'n mens die allerinteressantste transposisies kry.

Uitdaging

Hulle is van 'n reeks verskillende silinders sonder en met nommers gedruk en daar is die verskillende tandings. Wat-ter uitdaging is dit nou nie om van elke druk tenminste 'n paar in jou album te hê en hulle uit te ken nie? En as jy ver-

der wil gaan is daar nog die herdrukke en kleurvariasies. Daar is haas geen fout of afwyking op seëlgebied of jy kry dit in hierdie reeks: sonder tanding, raapdruk, dubbele, drie-voudige en selfs viervoudige perforasies, ens. Watter ander seël ter wêreld dek 'n wyer veld, bied 'n groter uitdaging?

Die 1d Skip van Jan van Riebeeck het net so 'n interessante, alhoewel ietwat kleiner en minder ingewikkelde bestek . . . hier kry jy selfs 'n watermerk wat dwars lê . . . 'n verskynsel waarvoor niemand nog 'n aanvaarbare verklaring gegee het nie.

Die 2d met die Uniegebou lewer selfs vir die beste kenner nog 'n hele paar probleme op want die verskillende Londense uitgiftes is nog nie almal mooi uitgestryk nie en somaar nou die dag het ons op 'n silinderkombinasie in die roto-reeks afgekom waarvan ons nie tevore geweet het nie.

Vanaf die 3d word dit makliker, amper kinderspeletjies, want daar was nie meer so baie verskillende uitgiftes nie.

Silindernommers

Die verskyning van silindernommers op die kantstrook van die jongste uitgifte maak die taak ongelooflik maklik. Jy hoef nou nie meer diep te delf nie . . . die poswese voorkom dit en solank as wat jy jou kontroleblokkie het, is jy verteenwoordigend. In vandag se haastige wêreld seker die aangewese ding, iets wat gekom het om te bly maar uiteindelik gaan ons almal se versamelings eenders lyk en boet jy jou individualiteit in.

Rariteite

Suid-Afrikaanse seëls is nog redelik maklik bekombaar terwyl daar terselfdertyd oorgenoeg rariteite is om jou met 'n stywe beurse en al, jare lank aan die soek te hou wanneer (indien ooit) jy daardie jakkals wat so wegkruip in die hande gaan kry. Dit skep spanning en hou jou belangstelling hoog.

Dink maar aan die kleur- en stempelproewe van die koningskop-reeks, die dubbele druk van die ½d, die 5/- met meelopende feeslyne waarvan nog net een eksemplaar te voorskyn gekom het en buite bereik van die versamelaars in die Kaapse museum aan die verbleik lê, die omgekeerde watermerk in dieselfde waarde en die watermerk wat dwars lê in die 1½d boekieseël. Ook is daar nog in die Londense prentereeks die eerste druk van die 1/-, die 2/6 en 5/- almal in die tweede perforasiegroep om maar nie te praat van al die pyltjies in die ½d en 1d rotoreeks nie.

Histories is ons seëls buitengewoon interessant. In 1910 is die vier afsonderlike provinsies staatkundig saamgegooi en

kon jy al vier seëls plus nog die eerste 2½d van die Unie saam op een posstuk plak. Vanselfsprekend kan jy hier die allerinteressantste kombinasies raakloop wat snaaks genoeg veral aan die skaars kant is wanneer jy dié soek wat in die Vrystaat gebruik is. Maar waar anders ter wêreld kon jy vyf lande se posseëls gesamentlik vir ongeveer drie jaar gebruik?

Die ouer materiaal, veral die koningskoppe en die Londense prenteseëls is skaars en die beskikbare voorraad is glad nie genoeg om rond te beweeg en in al die versamelaars se behoeftes voorsien nie . . . jy kan nie by 'n seëlwinkel instap en op aanvraag koop wat jy kortkom nie . . . heel dikwels moet jy wag vir 'n boedelveiling en dan somaar baie meer betaal as waarop jy gereken het want die kompetisie is geweldig en baie van die duurder stukke word deur nie-versamelaars aangeskaf in 'n poging om wal te gooi teen inflasie.

Wakker loop

Die interessante roto-materiaal is redelik bekombaar, soveel te meer die dierereeks. Tans is daar egter soveel uitgifte dat 'n mens se kop daarvan aan die draai raak en jy wakker moet loop om by alles by te bly. Een of ander tyd vorentoe moet ons hierteen reaksie verwag . . . kopersweerstand soos dit in die handel heet.

Let veral op hierdie stelling: In die verlede het die werklike versamelaar alles bymekaar gebring wat verskyn het om in die poskantoor se normale behoeftes te voorsien. Nou werk die spulletjie anders om: die poskantoor skep 'n behoefte en voorsien dan in alles en nog meer as wat die versamelaar wil hê, ja, natuurlik teen 'n goeie wins en waar daar 'n winsmotief in aksie is, is uitbuiting onvermydelik. Sienderoë aanskou ons dit, maar desondanks het ek nog nie my albums gesluit nie maar trippel lustig mee. En as ek so nou en dan oor my skouer agtertoe kyk die groep wat in aantog is word al hoe groter.

Ten slotte sou ek oneerlik wees as ek nie meld hoe ek my daarin verbly dat die meeste items wat ek 'n tiental jare gelede aangekoop het sonder om enige bohaai te maak maklik tien keer en meer in waarde toegeneem het . . . beslis 'n baie, baie goeie belegging en nogal sonder inkomstebelasting as ek sou besluit om te verkoop. Maar hierdie is 'n onvoorsiene meevallertjie. Eerlik opgesom, versamel ek Suid-Afrika omdat ek my daarin kan verlustig en dit my 'n geleentheid en uitdaging bied wat ek nog in g'n ander land teëgekrom het nie.

'n „Verkeerde” posstempel

deur dr J.W. Pont

Tydens die oorlog van 1899 – 1902 was die postarief op briewe vir soldate van die Engelse leër in Suid-Afrika dieselfde as in Engeland, nl. een pennie, en daarvoor moes Engelse seëls gebruik word.

Hierdie postarief het van krag gebly vir soldate wat nie met hul regimente na Engeland kon terugkeer nie, sodat Engelse posseëls met 'n SA posstempel wat ná die vredesluiting gebruik is geen groot merkwaardigheid hoef te wees nie.


Dit is begryplik dat partykeer seëls van die Suid-Afrikaanse Engelse kolonies op die koeverte gebruik is vir 'n nadere plekaanduiding of om te laat sien waar die skrywer deurgetrek het of gestasioneer was.

Posseëls van die Republieke kon nie gebruik word nie tot dat die gebiede geannekseer was en die verandering in die politieke status daarvan op die seëls aangedui was.

Die anneksasie van die Zuid Afrikaansche Republiek het op 6 Junie 1900 plaasgevind en is gevolg deur allerlei maat-

reëls wat met spoed getref is om die veranderde status duidelik te laat uitkom.


Die naam is verander na „Transvaal Kolonie,” en reeds op 18 Junie 1900 is die eerste posseëls met die opdruk V.R.I. in omloop gebring. Die afgebeelde seëls wys egter dat die nuwe owerheid ook foute kon maak, want tot in die derde week van Junie 1900 is die pos nog steeds verstuur uit Pretoria, Z.A.R.



1. Posstempel 18 Jun. 1900 Pretoria Z.A.R.




2. datum 20 Jun. 1900



4. datum 20 Jun. 1900



3. datum 20 Jun. 1900



5. datum ? Jun. 1900

Die Tiahuanaca-uitgawe van Bolivië (1925)

deur J.N. Rossouw

Bolivië is 'n binnelandse Suid-Amerikaanse staat met ongeveer dieselfde oppervlakte as die RSA en 'n bevolking van om en by ses miljoen. Een derde van die landsoppervlakte is 'n hoogland, gemiddeld 4 300 m bo seevlak, en word bewoon deur 80 persent van die bevolking.

Aan sy westelike grens deel Bolivië die pragtige Titicacameer met Peru – ongeveer 150 km x 60 km groot, 'n standhoudende watertemperatuur van 19°C en ten spyte daarvan dat slegs 4% van sy invloei waarneembaar uitvloei, is die water vars.

Omtrent al die volksoorleweringe van die Quechua en Aymaravolke (die oorblyfsels van die ou Inkas) het hul oorsprong in die Titicacameer en soos te verwagte, vind ons die reste van 'n oerbekawing om die meer, soos die ruiïnes van die stad Tiahuanaca naby die suidelike oewer.

Daar is al baie bespiegel oor die oorsprong van Tiahuanaca. Wendell Bennett, 'n argeoloog van Yale-universiteit, dateer potskerfreste van Chipira, naby Tiahuanaca, uit die periode 1 000 tot 600 jaar voor Christus volgens die koolstof – 14 metode.

Vyf beskawings

Carlos Ponce beweer dat daar vyf bepaalde beskawingsperiodes by Tiahuanaca was. Die eerste en tweede periodes dateer hy tussen 460 tot 140 jaar voor Christus en die vyfde ongeveer 900 jaar ná Christus.

Die eerste verwysing na Tiahuanaca was opgeteken deur Cieza de León, 'n Spaanse veroweraar, in 1548 en toe het die Aymaras (Indiane in vandag se spreektaal) geen begrip gehad van die oorsprong van die stad en sy kultuur nie en het beweer dat „die gode dit oornag opgerig het.”

Poort van die Son

Een van die uitstaande relieke in Tiahuanaca is die „Poort van die Son.” Dit bestaan uit 'n massiewe kliplatei, sowat 1,1m hoog en 4m lank, gemonteer op twee klippilare, 1,9m hoog, sodat dit 'n deurgang vorm, bykans 1m wyd. Die latei is ryklik met hierogliewe versier, veral kondor- en

puma-figure in vierkante. Drie rye van 5 figure elk is weerskante van 'n sentrale figuur en 'n ry van elf figure vorm 'n basis.


Niemand weet waar die beeld oorspronklik opgerig was nie maar dit is gerestoreer in 1908 en opgerig in Tiahuanaca waar dit in stukke gevind was. Die „poort” is self te klein om 'n triomfboog te wees en hoewel sommige meen dat dit 'n tempel-kruin kan wees of 'n portaal na 'n sarkofaagkelder, is die kalenderteorie van die Oostenrykse amateur-argeoloog, Arthur Posnanski die interessantste en verbeeldingrykste. Almal is dit eens dat die beeld sy ontstaan gehad het in die tydperk toe die studie van sterrekunde relatief ver gevorderd was.

Posnanski arriveer in Bolivië in 1904 as 'n ingenieur en raak so verdiep in die argeologiese studie van dié wêrelddeel dat hy sy lewe daaraan wy tot sy dood in die veertiger jare. So oorreed hy dan ook die regering van Bolivië om 'n stel gedenkseëls uit te gee om Tiahuanaca te herdenk, en daar was geen beter tema as die hierogliewe op die Poort van die Son nie – en hy stel daardeur ook sy kalenderteorie aan die wêreld bekend.

Kalender

Die sentrale figuur is 'n mensagtige wese met 'n son-gesig op die 5 Bs. posseël wat verrys uit 'n podiumagtige aarde op die 4 Bs. Seël. Die twee seëls stel die begin van die lente, of lewe voor, 22 September in die suidelike halfmond, en dus die begin van die Sonjaar. Weerskante is drie rye seëls van 5 elk, synde links 5 x ½ cto, 5 x 2 cto en 5 x 5 cto en regs 5 x 1 cto 5 x 3 cto en 5 x 10 cto. Hierdie 30 posseëls is die 30 dae wat vir elke maand toegeken was, en die onderste ry van 11 seëls, met waardes 15 cto, 20 cto, 22½ cto, 25 cto, 30 cto, 40 cto, 50 cto, 60 cto, 1 Bs., 2 Bs. en 3 Bs., stel die elf oorblywende maande voor.

Die hierogliewe word in goud vertoon op 'n rooi, of groen of swart of blou agtergrond, maar in die drukproses is 'n veld van goud gedruk en die ander kleur bo-oor. Die skerp-sinnige sal onmiddellik verneem na die oorblywende 5½ dae en Posnanski was verbeeldingryk en romanties genoeg om dit weg te verklaar deur aan te neem dat aan die einde van




die jaar, d.i. na 360 dae, daar 'n periode van stilstand gekom het, 'n periode van verootmoediging as-'t'ware, waarin die volk offers moes bring – mensoffers ook – en rituele feeste gevier het om die gode goedgesind te maak vir die begin van die volgende plantseisoen.

Intussen was die priesters hard besig om met 'n stokkie-en-skaduwee die dag- en nagewing te bepaal. Sodra dit gebeur, het hulle verklaar dat die gode nou genoeg geneem het met die volk se flikflooiery en, presto, die volgende dag is nuwejaar!

Geld was daar nie om vir 'n gedenkuitgawe van 19 seëls te betaal nie en die Boliviaanse regering stem uiteindelik toe dat Posnanski en die drukkers 'n gedeelte van die seëls mag neem en privaat verkoop aan versamelaars (!) om hul koste te dek.

Drukwerk gereël


Posnanski is toe persoonlik na Duitsland om alles te reël en in 1925 is die drukwerk uiteindelik voltooi en die seëls na Bolivië gestuur. Na 'n betaamlike tyd, sou 'n mens sê, het Posnanski en sy vennote toe begin om hul gedeelte te verkansel, maar ongelukkig moes daar verdragings gewees het




want die seëls het toe nog nie in Bolivië aangekom nie. Die „vennote” haal hierdeur die gramskap van die regering op hul hoofde en daar word besluit om nie die uitgawe vry te stel nie! Touché!

In 1960 word die seëls weer ontdek, maar die Boliviano het intussen n duisend maal gedevalueer, en in volge bestelnummer 98229 van 31/10/1960, kry die posseëls 'n swart oordruk, die 5 Bs word Bs 5.000-, 4 Bs word Bs 4.000-, 1 cto word Bs 100- ens.

Dit sal seker nooit bekend word hoeveel van die seëls Posnanski en die drukkers vrygestel het nie, maar daar is



heelwat sonder oordruk in omloop en 'n mens kan aanneem dat hulle baie in die mark ingestoot het, veral ook omdat die 4 Bs, hoewel duur, maklik bekombaar is. Stel met oordruk, maar sonder die Bs. 4.000-seël is ook maklik bekombaar. Die Bs 5.000-posfris seël is nog bekombaar in La Paz van hul filateliedienste. Die Bs. 4.000-seël is skaars want al die 4 Bs-seëls het nat geword met versending in 1925, en 'n groot deel is onherstelbaar beskadig – die oordrukke wat wel beskikbaar is, is sonder gom.



Praat Afrikaans

Daar is vandag vyf filatelieverenigings met Afrikaans as voertaal, naamlik die AFV (Johannesburg) Afrikaanse Philatelistiese Vereniging, Pretoria Paarlse Filateliste Mooirivierse Posseëlklub (Potchefstroom) Seëlklub van die Potchefstroomse Universiteit.

Daarby word verrigtinge in Afrikaans gehou deur die Kempton Parkse Filatelievereniging, die Oranje-Vrystaatse Filatelievereniging, die Bellville-filatelievereniging, die Welkom-filatelievereniging en die Poskantoor-boom-filatelievereniging (Mosselbaai).

AFV- geskiedenis

Die ontstaan van die vereniging

Toe die posseëlversamelgogga 'n vyftienjarige seun in 1929 byt, was daar nie juis verenigings waarby hy kon aanklop om geesgenote te vind nie. As dié jong man dan nog 'n brandende liefde vir sy moedertaal Afrikaans het, was daar nog minder geesgenote om sy dubbele liefde te deel.

So loop hy alleen tot in 1947 – stel sy versamelboeke op en doen byskrifte in Afrikaans, plek-plek met sy eie skeppings. Toe hy een aand na 'n vergadering van die Philatelic Society of Johannesburg genooi word, ontmoet hy daar 'n bestuurslid van die Roodepoort Stamp Club, en daar hy in dié geweste woon word hy 'n lid van dié klub.

Ons versamelaar het spoedig veel geleer en baie wyser geword. Ja, dit het voor die wind gegaan en nie lank nie of hy vind hom op die bestuur. Die enigste ander Afrikaanstaliges was die Sekretaris en een ander met wie 'n woordjie in moedertaal darem so agterlangs gewissel kon word.

Nou, as lede van 'n posseëlversamelaarskring word dit mos verweg dat elkeen op een of ander tyd darem vir sy medelede moet wys wat hy doen. En toe iemand met 'n vergadering in Julie 1950 voorstel dat ons versamelaar, wat al drie jaar lank 'n lid is en nog nie van hom laat hoor het nie, was daar vir hom geen uitkomkans nie, volgende maand moet hy vertoon en natuurlik ook 'n ietsie oor sy vertoning sê . . . maklik – die blaai van die land wat hy in gedagte het is agtermekaar en hy ken sy storie!

Toe begin hy in Afrikaans

Dis die tweede Woensdag van Augustus 1950 in die privaatskamer van die Hotel Savoy, Roodepoort, en ons uitstaller kom aan die beurt. Vol selfvertroue en heel geesdriftig begin hy in Afrikaans te vertel waarom hy nou juis daardie besondere land se seëls versamel (dit was Australië) en waarom sy versameling nie volgens die aanvaarde Stanley Gibbons se indeling bygehou word nie – toe kom 'n tussenwepel in Engels van die vloer af, „praat 'n taal wat ons almal kan verstaan” (en dit van 'n gebore Suid-Afrikaner!)

Ons uitstaller is vir 'n paar oomblikke uit die wind geslaan onderwyl hy 'n paar „hoor-hoors” ook nog moes aanhoor. Hy wend hom tot die voorsitter met die versoek dat hy toegelaat word om aan te gaan; as daar iemand is wat later vrae wil stel sal hy graag in Engels verduidelik. Toegegaan, maar sekere here wou toe tog skynbaar niks weet nie!

Die voorneme

Op pad huis toe daardie aand sê ons uitstaller vir homself: „Verduiwels, julle kan na julle peetje loop! Ek gaan my eie posseëlklub stig waar ek my eie taal kan praat en as julle wil saamspeel sal julle moet saampraat!” (Dink net daaraan: Al die belangrike Engelstalige verenigings se mense bejeën ons vereniging se lede vandag met die grootste eerbied. En . . . hoe veel van hulle het ons nie al genader met 'n „hoe doen julle dit” nie?).

So verskyn daar vroeë in September 1950 'n briefie in „Die Transvaler”: 'n Geesdriftige posseëlversamelaar wil 'n

tuiste vir Afrikaanstalige posseëlversamelaars skep; belangstellendes moet asseblief met hom in aanraking kom.

Die reaksie was alles behalwe bemoedigend. Hy sien al hoe sy droom van 'n eie klub in die niet verdwyn. Sy ideaal het onverwenslikbaar begin lyk, en hy begin homself al oorreed dat hy maar sal moet saampraat as hy lidmaatskap van enige van die bestaande klubs wil voortsit. Gelukkig was daar 'n J W Schubart.

Eerste antwoord

„Schubie” was eerste om op die koerantbriefie te antwoord. Hy was 'n ou en bedrewe versamelaar wat reeds baie jare van georganiseerde filatelie agter die rug gehad het en was ewe geesdriftig oor die stigting van 'n Afrikaanse posseëlversamelaarskring. Hy was dus die aangewese persoon om 'n aanvoerder by te staan. Saam het hulle sake deurgekyk en planne gemaak.

Teen einde Februarie 1951 het hulle tien name van belangstellendes bygekry. Nie juis 'n getal om die wêreld op horings mee te neem nie, maar as dit hulle erns is kan die twaalf 'n gesonde kern van 'n klub of vereniging wees. Of al twaalf ewe geesdriftig is en bereid sou wees om skouer aan die wiel te sit kon hulle nie raai nie. Dit kon hulle alleenlik bepaal as die klompie bymekaar gebring word.

Onsekere begin

'n Saal word vir Vrydag 24 Maart 1951 in die Openbare Biblioteek, Johannesburg, bespreek vir 'n voorgename stigtersvergadering. Dit was nie sonder besorgdheid en weifeling dat daartoe oorgegaan is nie. Daar was veels te veel onsekerheid. 'n Kennisgewing is nietemin opgestel en afgehol. Maar voor dit afgestuurd kon word laat weet die biblioteekmense dat daar 'n vergissing is aangesien die beskikbare vertrek vroeër vir daardie Vrydagaand deur 'n ander instansie bespreek is – ons kan dit vir 'n latere Vrydagaand kry. Weer kennisgewings afrol.

As jy reeds net duskant vertwyfeling staan is so 'n gebeure nie juis veelbelowend nie, veral nie as jy nog boonop bygelowig is soos „Schubie” was en nie van die voortekens gehou het nie . . . „Lyk nie so goed nie”, was sy woorde „en dan nog Vrydag die dertiende April boonop”. Hulle het nietemin deurgedruk.

Vyftien

Tot hulle groot blydschap het nog drie ander versamelaars daardie aand opgedaag. Nou skep hulle moed – vyftien is sommers 'n hoop meer as twaalf en elkeen was so geesdriftig soos die ander. Twee liefhebbers (dr W P van der Merwe en mnr R Schilz) het almal sommers groot laat voel om van Viljoenskroon in die Vrystaat te kom om die poging 'n stewige stoot te gee. Daardie vyftien verdien om hier genoem te word:

Mnre A Adler
F W Burnard (nog lid)
A N du Toit

J R E Fetter (seun van 14 jaar; nog lid)
 W F Fetter (nog lid)
 J M Hattingh
 P J Laubscher
 M V Mioch (tans lewenslange erelid)
 D W Rossouw
 R Schilz
 J W Schubart (oorlede)
 Dr W P van der Merwe (nog lid)
 Mev F A Vermaak
 S J Vermaak (tans lewenslange erepresident)
 F S Verwey (later doktor; nog lid)

Aangesien die aanwesiges dit eens is dat formeel tot die stigting van 'n vereniging oorgegaan word, is nominasies vir 'n voorsitter vir die vergadering gevra. Twee persone word benoem: Mnr J W Schubart en S J Vermaak. Eersgenoemde onttrek daar hy meen dat dié voorreg die vader van die gedagte, mnr S J Vermaak, toekom. Mnr Schubart willig toe in om as sekretaris op te tree. Later daardie aand is hulle ook gekies om onderskeidelik daardie twee poste vir die eerste boekjaar te beklee met mnr Mioch as die eerste penningmeester. Die volgende persone is as bykomstige bestuurslede aangewys: Mnr Verwey (adjunkvoorsitter), Laubscher (reklamebeampte), Burnard, dr Van der Merwe en mev Vermaak. „Die Transvaler” was aanwesig in die

persoon van verslaggewer J de Beer wat deur sy eggenote vergesel is.

Die naam

Die benaming van die nuwe vereniging lok heelwat bespreking uit. Is ons bloot posseëlversamelaars of is daar tans of in die toekoms ernstige posseëlkundiges onder ons? Op die ou end is ooreengekom dat die nuwe klub een van die toekoms is en derhalwe paslik gedoop moet word. So kom Die Afrikaanse Filatelistiese Vereniging tot stand.

Dr P C Schoonees, destyds hoofredakteur van WAT, wys ons daarop dat die gekose benaming taalkundig nie heeltemal suiwer is nie en op sy voorstel is die naam verander tot Die Afrikaanse Filatelistevereniging, volgens 'n besluit geneem op die jaarvergadering gehou op 5 April 1955. Ons behou egter tot vandag toe nog die gerieflike afkorting, AFV.

Kyk ons na die Afrikaanse Filatelistevereniging vandag, dan sien ons Suid-Afrikaners van menigvuldige afkomst; van ons stamland Holland, van Griekeland, Finland, 'n makgemaakte Estlander, Suidwes, van Joodse afkoms, van Engelse afkoms en les-bes, heelwat Afrikaners. Ons is trots op al ons lede en hoewel ons primêre doelstelling, taalgewys, die gebruik van Afrikaans is, luister ons na enige taal as die spreker voel dat hy hom later in daardie taal kan uitdruk, en hy iets intelligents te sê het.

Die Jong Filatelis/ The Young Philatelist

deur Wim de Jongh

In al die jare van sy bestaan het die AFV jong lede gehad wat maar 'n moeilike bestaan gevoer het. Hulle moes alles omtrent seëls uitvind deur middel van vra en kyk hoe ouer versamelaars dit doen. Aangesien die seëlversamelaars-wêreld sy eie taal het, was dit maar bra moeilik om iets uit te vind. Wat word presies bedoel as die groot mense begin gesels oor steektanding, kamtanding, ens.

Aangesien die huidige jeugleier self 'n jeuglid was, weet hy deur persoonlike ervaring hoe frustrerend so iets kan wees.

Gelukkig het die AFV 'n ervare versamelaar in sy gelede gehad met die welbekende naam Fanie Vermaak. Fanie het deur al die jare die jeug probeer aanmoedig om seëls te versamel en het hy by skole praatjies gehou, ens. In al die jare waarin hy in 'n leidende posisie in die AFV opgetree het, het hy die gebrek van 'n sterk jeugseksie aanvoel en toe hy op ou laas uit sy leidende posisie tree het hy besluit om al sy tyd te bestee aan 'n jeugseksie.

Vereistes

So 'n jeugseksie moes aan die volgende vereistes voldoen:

1. Hoewel dit deel van die AFV was, moes dit tog 'n heeltemal aparte afdeling wees wat spesiaal op die jeug toegespits was.
2. Dit moes die jeug alles omtrent seëls en seëlversameling leer.
3. Dit moet jongerlede voorberei om hulle man te staan in die organisasie van 'n seëlvereniging m.a.w. die voorbereiding van jongerlede om die plek te vul van aftredende bestuurslede van groot verenigings.

Met behulp van rondsendsbriewe, vraelyste, ens. is „Die Jong Filatelis” op 28 Mei 1968 gebore. Die eerste klomp vergaderings het plaasgevind in dieselfde saal en terselfdertyd as die groot mense se vergadering. Later het mej Anna Smith, ons ou staatsmaker, daarvoor gesorg dat Kamer 87 van die Openbare Biblioteek tot „Die Jong Filatelis” se beskikking was. (Nou Kamer 95 omdat ons Kamer 87 ontgroeï het!)

Na 'n jaar moes Fanie sy werk met die jeugseksie om persoonlike redes staak en is aan my gevra om die taak oor te neem. Destyds was dit iets heeltemal nuut vir my, aangesien ek 'n ontwerp-tekenaar in die outomatisering van chemiese fabriek is, en moes ek leer hoe om kinders te leer! Dit het soms tot die snaaksste voorvalle gelei.

Toe ek eendag vra wat 'n mens nou alles nodig het om seëls te versamel, het ek toebehore in gedagte gehad soos 'n seëltangetjie, plakkertjies, voorradeboek, ens. 'n Klompie vingers het die lug ingeskiet.

„Ja, Jannie” het ek gesê. Trots het die sesjarige Jannie opgestaan „Seëls, Oom!” Vir 'n oomblik was ek dronkgeslaan. Die klein swernoot was reg. Wat ons as groot versamelaars so dikwels vergeet, het hy raakgesien. Natuurlik is seëls die belangrikste vir die versamelaar.

Ook is my onderwysmetodes miskien nie altyd van die blinkste nie. So het ek eendag probeer verduidelik wat steektanding is. Tekeninge, ens. het nie gehelp nie en op die ou end is ek toe gou na die plek wat net vir mans of dames gereserveer is. Toe ek terugkom met 'n rol papier en dit velletjie vir velletjie begin afskeur was die kinders eers verbaas en toe begin hulle lag. Toe weet hulle wat steektanding is.

Klein begin

Nou ja, soos u reeds uit die voorgaande agtergekom het, het ek die taak aanvaar. Die begin was maar klein, selfs Fanie met al sy geesdrif kon net nie daarin slaag om 'n groot aantal jongerlede bymekaar te kry nie. En die eerste vergadering is bygewoon deur twee lede, die ander agt lede was lede wat buite Johannesburg gebly het en nie die vergadering kon bywoon nie. So het dit maar aangegaan. Fanie het my met raad en daad bygestaan en ons het saam met die AFV-bestuur probeer om lede te werf maar sonder sukses.

Peter Seligman, destyds voorsitter van die AFV, het voorgestel dat ons moet uitvind wat die ander verenigings doen met hulle jonglede. Tot ons verbasing moes ons uitvind dat hulle met dieselfde moeilikhede te kampe het. Hulle het

geen aparte vergaderings vir jonglede nie en die aantal wat vergaderings bywoon het ook veel te wense gelaat.

Toe het die blink gedagte opgekom. Wat daarvan as ons hierdie groepies van die verskillende verenigings saamsnoer in 'Die Jong Filatelis'? Die idee is aan die ander verenigings voorgelê en hulle was dadelik daarvoor te vinde.

Kerspartytjie

Die AFV het 'n Kersfeespartytjie gereël waarna al die jonglede van al die verskillende verenigings in Johannesburg uitgenooi is. Ons het so 'n vyftien verwag, maar toe die antwoorde op die uitnodigings begin instroom het ons die ses en dertig behaal! Dit was 'n groot deurbraak. Hoewel nie almal lid van 'Die Jong Filatelis' geword het nie was daar nou 'n mooi klompie lede wat vergaderings bygewoon het.

Nou het my werk eers in erns begin. Praatjies is saamgestel, wedstryde is uitgeskryf en, die belangrikste, seëls is waarvan die jonglede kan neem wat hulle kan gebruik.

Dit is altyd weer 'n groot plesier om na hulle te kyk as hulle besig is om seëls uit te soek. Hulle het geleer om diskrimineerend seëls te vat, en telkens hoor 'n mens: „Frits (of Peter of Dina) hier is een wat jy versamel”. So sorg hulle vir mekaar en dit is tog die hoofdoel van georganiseerde filatelie: Om mekaar te help.

Praatjies

Vir die buitelede is die praatjies uitgetik en versprei en baie van hierdie geselsies het bo my verwagting later in die SA Philatelist verskyn. So het 'Die Jong Filatelis' stadig maar seker begin groei.

Met die kombinasie van jeuglede van Afrikaanse sowel as Engelse verenigings het ek daarop aangedring dat ons AFV se jeugseksie tweetalig moet wees, dit 'n afwyking van die AFV se grondwet wat bepaal dat die voertaal van die vergadering hoofsaaklik Afrikaans is. Die komitee van die AFV het die versoek toegestaan en is die naam van die jeugseksie verander na 'Die Jong Filatelis/The Young Philatelist'. Alles word in die twee tale behartig. Ook die jeugkomitee moet die vergadering in Afrikaans en Engels lei. Dusver was dit 'n groot sukses.

'n Vaste kern


Na 'n paar jaar het die jeugseksie 'n vaste kern lede gehad. Dit neem lank om so 'n kern te vestig. Vir baie is seëlversamel 'n verbygaande fase en ander vind dat, veral as hulle ouer word, skoolwerk baie tyd in beslag neem en die stokperdjie ly daaronder. Die ideaal om filateliste te kweek is dus moeilik om te bereik. Soms hoor ek die kritiek dat ek nouwel versamelaars kweek maar bitter weinig filateliste. My antwoord hierop is dat dit moeilik genoeg is om 'n versamelaar te kweek wat aanhou versamel. Elke jaar eindig ons met 'n groot ledetal volgens ons boeke, maar elke jaar val 'n groot aantal weg en begin ons weer met 'n vaste kern. Dit is verblydend dat hierdie kern altyd groter word. Natuurlik probeer ek 'n aspirant-filatelist te help en aan te moedig maar die feit bly bestaan dat 'n mens eers 'n goeie versamelaar moet hê voordat hy 'n filatelist kan maak.

Eie bestuur

Die jeugseksie het sy eie bestuur wat uit jonglede bestaan. Nog 'n ideaal van Fanie is verweselik. Elke jaar word die bestuur deur die jonglede self gekies en dit was altyd nog 'n groot sukses. Ek probeer elke keer om 'n verandering in die komitee aan te bring sodat almal 'n kans kry om daarop te dien, dan kan almal iets leer.

Die vergaderings verloop net soos vergaderings van die volwassenes se verenigings. Daar is veilings, praatjies, praktiese voorbeelde, film- en skyfiesvertonings, ens. En natuurlik seëls. Vir al die mense wat seëls, albums, ens. geskenk het, my hartelike dank. Sonder u sou ons nooit so 'n sukses van ons jeugseksie kon gemaak het nie.

Die Kersfeespartytjie met sy groot uitstallings elke jaar is vir u bedoel om te wys dat ons jongerlede wel deeglik ge-



Die jeug stal uit, November 1975.



Die jeugleiers, Donald Troost en Wim de Jongh.

bruik maak van die kans wat u hulle gee. Ek voel trots op u en my kinders as mnr Herman Steyn sê dat dit elke jaar moeiliker word om die uitstalling te beoordeel omdat daar altyd 'n verbetering is.

Die afgelope jaar was veral van groot belang vir 'Die Jong Filatelis/The Young Philatelist.' Mnr Donald Troost het my kom help. Twee koppe weet meer as een en twee paar hande kan meer werk verrig as een paar. Daarom spog ons nou met ons eie klubwapen, ons eie briefhoofde, ons eie sertifikate en veral ons eie rondsendediens. Baie dankie, Donald, ons 60 jonglede waardeer dit.

Vir die jongspan wat hierdie lees, net die volgende – Kom sluit aan by 'Die Jong Filatelis/The Young Philatelist.' Vir nadere besonderhede skryf aan W N de Jongh, Tweede Straat 27, Orange Grove, Johannesburg, of nog beter, kom kuier elke eerste Saterdag van die maand om 14h30 in Kamer 95 in die Openbare Biblioteek, Johannesburg.

Sonder die hulp van almal so ons nooit iets bereik het nie, en daarom bedank 'Die Jong Filatelis/The Young Philatelist' u hartelik vir u ondersteuning en noem graag:- Die Komitee van die AFV.

Lede van die AFV – te veel om op te noem.

Donald Troost.

The Philatelic Society of Johannesburg

The Israel Society

Al die handelaars, veral Coen Slagt.

En aan al die ontelbare andere, u is nie genoem maar nie vergeet nie.

Ons trofeeë

Na aanleiding van 'n ingewing van die voorsitter (wyle J W Schubart) oorhandig mnr A L du Toit van die Rembrandt-Tabakkorporasie op 10 April 1953 die Rembrandt-Wisseltrofee aan die vereniging met die geleentheid van die vereniging se tweede jaarvergadering. (Ontwerp deur mev Eugenie Vermaak; vervaardig deur die Henry Schwartz-tak van Ike Schwartz-Juweliers).

Die Sekretaris (lid S J Vermaak) gesels met die direksie van die Veka-Klerefabriek met die oog op 'n tweede trofee en ontvang dan ook die Veka-Wisselbeker in Oktober 1955 namens die vereniging.

Dié wisselbeker word vir filateliese wedstryde aangewend aangesien die Rembrandt-Wisseltrofee op daardie tydstep reeds twee keer deur tematiese versamelings gewen is.


Gedenktoekenning

Mev Anna Schubart ag dit goed om 'n spesiale toekenning ter nagedagtenis van haar man aan die vereniging te skenk. (Schubie wou altyd iets van die aard vir die AFV doen, het sy gesê). Sy oorhandig die toekenning, die J W Schubart-Gedenktoekenning, met die vereniging se eerste

feesbyeenkoms (100e vergadering) op Vrydag 6 November 1959. (Ontwerp deur lid S J Vermaak; vervaardig deur Metal Art (Edms) Bpk, Pretoria). Daar word besluit dat hierdie toekenning alleenlik vir buitengewone prestasies binne die posseëlverband gedoen sal word.

Op voorstel van die Sekretaris (lid S J Vermaak) stel die Vereniging 'n spesiale prys beskikbaar (12.4.61), naamlik die AFV-Eretoekenning, vir uitstallings wat nie om die ander twee trofeeë kwalifiseer nie, dus wat nie in Afrikaans bygeskryf is nie of selfs wat glad nie bygeskryf is nie. Sover ons weet is dit die enigste toekenning in die ganse posseël-wêreld wat 'n medalje sowel as 'n lapelknopie – borsspel vir die dame! – behels. Die ontwerp is na 'n tekening wat wyle lid Schubart vroeër gemaak het as moontlike voorbladontwerp vir die nuusbrieff. Dit is ook vervaardig deur Metal Art (Edms) Bpk. Pretoria.

Hierdie toekenning word huishoudelik toegestaan en is ook tot die beskikking van die Federasie van Filatelisteverenigings gestel. 'n Lys van eersgenoemde toekennings word aangeheg, maar aangesien die Federasie-toekenning deur die betrokke Kongresreëlingskomitee van die jaar ge-



Die Rembrandt-Wisseltrofee word vir die eerste maal toegeken. Van links na regs is Schubie Schubart, voorsitter, en die drie onpartydige beoordelaars Leo Buchen, „Oppie” Oppenheim en dr J H Harvey-Pirie by 'n deel van die weninskrywing, „Kuns op posseëls”, van George Petroulis van die Paarlse Filatelite.

doen word, het ons nie 'n volledige lys om te publiseer nie. Hierdie leemte sal ons graag wil aanvul en sal bly wees as toekeninghouers met ons Eresekretaris in verbinding sal tree.

Skrywers

Volgend op 'n voorstel van die Sekretaris (lid S J Vermaak) dat iets gedoen behoort te word om lede aan te moedig om vir die nuusbrieff te skryf, is die Skrywersertifikaat op 25.4.63 ingestel; weereens gebaseer op 'n vroeë Schubartse nuusbrieffoorblad-ontwerp. Met die herorganisasie van die South African Philatelist het die nuusbrieff as „tydskrif” verdwyn en is die Skrywersertifikaat sedert 1974 aan die Filateliese Federasie oorgemaak vir jaarlikse toekening vir die beste artikel in Afrikaans in die SA Philatelist en staan dit as die Afrikaanse Skrywersprys bekend.

Nuwe wedstryde

Met 'n bestuursvergadering in Mei 1975 spreek die voorsitter (lid Arie Bakker) die mening uit dat die reëls vir die uitstallings om die bestaande trofee nie juis bevorderlik vir filatelie is nie deurdat die „kleiner” versamelaars van mededinging uitgesluit en dus ontmoedig word. Aangesien dié beswaar reeds enige jare vroeër geopper is, is besluit om die saak reg te stel deur die instelling van 'n jaarlikse wedstryd spesifiek om groentjies aan te moedig om hulle goedjies op verenigingsvlak uit te stal.

Hy stel voor dat die stigter van die vereniging om 'n trofee vir hierdie doel genader word. Aansluitend hierby sê die sekretaris (lid Erik Thamm) dat dit hoog tyd is dat twee verdere jaarlikse wedstryde ingestel word. Hy sê eerstens dat 'n groot persentasie van lede sodanig histories-filatelies aangelê is dat 'n afsonderlike wedstryd vir sulkes ingerig behoort te word. Vir die moontlike toekening van 'n trofee in so 'n opsig dink hy aan dr Anna H Smith, gewese bibliotekaresse, Africana-kenner en -kampvegter maar boweal filatelist en posseëlversamelaarsvriend, 'n versamelaar wat 'n sterk neiging tot die geskiedenis van filatelie openbaar. En dan, sê Erik voorts, behoort ons mense aangemoedig te word om 'n groter trots op ons eie te toon; die versamelaars van die seëls van Suid-Afrika moet aangemoedig word om 'n groter geesdrif aan die dag te lê. Hy stel voor dat ons voorste eksponent in hierdie veld, lid M J (Thys) Rall, om 'n prys genader word.

Drie kolskote! Nie lank nie of die penningmeester (lid Hannes Meintjes) ontvang die „Anna H Smith-trofee” (vir posgeskiedenis) namens die vereniging, lid Rall oorhandig die „Thys Rall-wisselbeker vir SA seëls” op 10 September 1975 aan die AFV se afvaardiging met die Paarlse konferensie en die vergadering van 4 Oktober 1975 neem besit van die „Fanie Vermaak-toekening” vir die jaarlikse uitstalling onder die eersteling, dus lede wat vir die eerste keer mededingend uitstal.

Die wenners

Rembrandt-wisselbeker

Jaar	Wenner	Vereniging
1954	G Petroulis	Paarl
1955	N C Combrink	Paarl
1956	F F von Broembsen	AFV
1957	J H Bruwer	AFV
1958	J H Bruwer	AFV
1959	J H Bruwer	AFV
1960	J H Bruwer	AFV
1961	N C Combrink	Paarl
1962	N C Combrink	Paarl
1963	O C Kylander	AFV
1963	J H Bruwer	AFV
1965	J S McCay	Pretoria
1966	S J Vermaak	AFV
1967	W Hartman	AFV
1968	Geen wedstryd	
1969	K E W Lydall	AFV
1970	A P Havenaar	Pretoria
1971	J H Buitink	AFV

1972	A H Kuipers	AFV
1973	N C Combrink	Paarl
1974	A van der Mey	Pretoria
1975	E J Sparrius	AFV

Veka-Wisselbeker

1956	J D Rossouw	Paarl
1957	J G le Roux	Paarl
1958	M V Mioch	AFV
1959	J D Rossouw	Paarl
1960	N C Combrink	Paarl
1961	J A Erasmus	Pretoria
1962	H L Gonin (prof)	Pretoria
1963	W Lambert	AFV
1964	N C Combrink	Paarl
1965	I Bernhardi	Pretoria
1966	I Bernhardi	Pretoria
1967	W P van der Merwe (dr)	AFV
1968	A Singels	Vishoek
1969	W P van der Merwe (dr)	AFV
1970	A J E Sorgdrager (prof)	Mooirivier
1971	W P van der Merwe	Mooirivier
1972	A van der Mey	Pretoria
1973	S J Vermaak	AFV
1974	A J Bakker	AFV
1975	A van der Mey	AFV

AFV-Eretoekening

1962	S J Vermaak
1963	W Lambert
1965	J Keet
1966	B Seelig
1967	A J Bakker
1968	A Schiff (dr)
1969	J Michelson
1970	L E Roediger
1971	U Massmann (mev)
1972	B Seelig
1973	B Glassman
1974	M P Vorster, E J Sparrius
1975	B Glassman, J M Wessels
1976	D G Crocker

J W Schubart-Gedenktokening

1959	M V Mioch
1960	J H Bruwer
1961	W G Hesse (dr), S J Vermaak
1963	S J Vermaak
1967	A J Bakker
1968	T Kramer
1970	J Michelson
1972	W N de Jongh
1973	M van Riet (mev)
1974	E Thamm
1975	A Barenbrug (mev)

Skrywersertifikaat

1965	H A Hofman
1966	S J Vermaak
1967	N Dekker, W C Kuun
1968	A H Kuipers, S J Vermaak
1969	A J Bakker
1970	W N de Jongh
1974	S J Vermaak
1975	W Grütter

Sertifikaat van Verdienste

1972	A Barenbrug (mev)
	E J Sparrius
	M van Riet (mev)
	M P Vorster
	J M Wessels
1973	E Thamm
1974	Nie toegeken nie
1975	H Duys

Anna H Smith-Trofee

1976	E Thamm
------	---------

Fanie Vermaak-Toekening

1976	G van der Hurk
------	----------------


Thys Rall-Wisselbeker

1976	M Steyn
------	---------

Die AFV hou vergadering



Die voorsitter, mnr Arie Bakker, lê die wet neer en (vlnr) mnre Herman Steyn, Erik Thamm en Hannes Meintjes gaan nie van hom verskil nie!




Mnr Rinus Mioch (middel) is baie bekommerd oor die twee posseëls wat hy moet gebruik vir sy 16c posgeld na Holland. Mnr Tom Kuipers (links) dink ook so en mnr Herman Steyn, bestuurder van Filateliedienste, moet wal gooi. (Is dit miskien waarom die posgeld sedertdien aangepas is na die waarde van een posseël?)



Mnr Hans Hofman gaan beslis nie hierdie „tabs” afskeur nie.

Die Afrikaanse Filatelistevereniging vergader op die eerste Saterdag van elke maand om 14h00 in kamer 75 van die Openbare Biblioteekgebou, Markplein, Johannesburg.

Die Eresekretaris is mnr E Thamm, Posbus 56195, Pinegowrie 2123, telefoon (tuis) (011) 48-3171.



„Nommer Een se prys is belaglik hoog”, sê mnr Tinie Vorster (regs). Mnre Thamm en Meintjes stem beslis saam.



„As hierdie stuk eg is dan . . .” sê mnr Harry Duys (middel).



*S J Vermaak
Eerste voorsitter*

*J W Schubart
Eerste sekretaris*

AFV-Erelys

Voorsitters

1951/52 S J Vermaak
1952/55 J W Schubart
1955/56 W G Hesse (dr)
1956/58 P C Seligman
1958/60 B J Slabber
1960/61 W Lambert
1961/62 J S Stolk
1962/63 J R E Fetter
1963/68 S J Vermaak
1968/69 J Busser
1969/72 P C Seligman
1972/76 A J Bakker

Erelede

Mej Anna H Smith – 1.8.59
M V (Rinus) Mioch – 28-4-65
A J (Arie) Bakker – 7.4.73

Erepresident

S J (Fanie) Vermaak – 15.4.69

„Eerstes” en mylpale

- 1.6.51 Eerste lede om uit te stal (tweede byeenkoms), lede Mioch met Nederland en kolonies en Burnard met Sport op Seëls; vasvrawedstryd deur lid Vermaak.
- 5.7.51 Lid Laubscher hou lesing oor pengerojeerde seëls, jonglid Hans Fetter stal België uit; taalkomitee word aangestel om oa 'n Engels/Afrikaanse woordelys saam te stel (lede Schubart en Vermaak).
- 4.8.51 Eerste Engelstalige sluit by ons aan (Henry Schwartz); twee Engelstalige lede van die destydse Roodepoort Stamp Club (mnrre Burrell en Henderson) lê 'n welwillendheidsbesoek af.
- 7.9.51 Die Penningmeester (lid Mioch) kondig aan dat hy 'n rondsenddiens geloods het.
- 5.10.51 Roodepoort Stamp Club lê besoek af en hul mnr Henderson verskaf die seëlvertoon.
- 1.2.52 Dit is formeel besluit om by die Federasie aan te sluit.
- Maart 1952 Lid Schubart verteenwoordig die AFV met die filateliese kongres te Kaapstad.
- 28.4.52 Ons besoek Philatelic Society of Johannesburg.
- 15.5.52 Ons vra 'n gedenkseël met die eeufees van die Kaapse Driehoekseël 1.9.53.
- 29.10.52 Wedstrydbyeenkoms op 'n Saterdagmiddag om buitelede die geleentheid te gee om ook aan verrigtings te kan deelneem.
- 11.11.52 Spotprent verskyn in nuusbrief (ontwerp deur lid Vermaak; geteken deur Etam van Die Transvaler – tans AFV se Sekretaris Erik Thamm); seëlloting waarby elke aanwesige lid 'n prys kry is ingestel.
- 10.4.53 Die AFV bekom sy eerste trofee, die Rembrandt-wisseltrofee; dit word besluit dat alle Afrikaanse seëlverenigings aan die jaarlikse wedstryde sal kan deelneem.
- 12.8.53 Gereelde spotprent van die reeks „Oom Fila te Lis” begin in die nuusbrief (Fanie Vermaak en Etam).
- 4.12.53 Eerste wedstryd om die Rembrandt-wisseltrofee (lid Schubart met Nederland en lid Schwartz met Rhodesië).
- 15.3.54 Die woordelys verskyn.
- 3.12.54 Die President van die Federasie besoek ons amptelik (mnr F C Ferguson).
- 19.2.55 Wedstryd vir jonglede.

- 1.5.55 Die AFV bekom sy eie rondsendboekies.
- 15.9.55 Rondsending vir jonglede ingestel (toe reeds 33 jonglede).
- 3.10.55 Die AFV se biblioteek kry sy beslag.
- 18.2.56 Gereelde jaarlikse wedstryd vir jonglede ingestel.
- Jan 1959 Gereelde posveiling ingestel (na vier volle jare gestaak).
- 2.10.59 Met 'n spesiale jaarvergadering is voorsiening gemaak vir 'n toetreefooi van vyf sjielings vir alle nuwe lede.
- 6.11.59 Feesvergadering (100e byeenkoms) in die Grand National Hotel; 94 versamelaars en eregaste aanwesig; gasspreker mnr A J Botes, die Posmeester-Generaal; spesiale gas mev Anna Schubart, weduwee van wyle lid Schubart; onder die vele eregaste mnr Johan Krige, Posmeester van Johannesburg, mnr Sam Legator, President van die Federasie en mej Anna H Smith, Hoofbibliotekaris van die Openbare Biblioteek, Johannesburg wat met dié geleentheid die voorsitterstoel inneem. Mev Schubart oorhandig die J W Schubart-gedenktoekenning en 'n geraamde kunstekening daarvan word aan haar oorhandig. Onder oorverdownende applous is die eerste toekenning van die gedenktoekenning aan lid Mioch gemaak as blyke van die vereniging se waardering van sy toegewyde diens as rondsenddiensbeampte. Mnr Legator wens die AFV geluk en wys daarop dat die vereniging mooi gepresteer het om in bietjie meer as agt jaar met 'n ledetal van 150 te kan spog, wat die AFV as een van die grotes tussen seëlverenigings te lande gebring het; slegs Durban, Johannesburg en Kaapstad was hom voor – elk met 'n bestaan van meer as 50 jaar.
- 9.3.60 Arie Bakker verkry lidmaatskap (arme kêrel!).
- 12.4.61 Ons besluit om die AFV-Eretoekenning ook vir wedywering met nasionale uitstallings beskikbaar te stel.
- 4.1.63 Lid Vermaak tree uit as sekretaris na hy dié pos ononderbroke beklee het van April 1952 tot Desember 1962. Mej Christine Smith neem tydelik oor tot die volgende jaarvergadering 25.4.63 toe sy formeel vir die nuwe boekjaar as sekretaressa aangewys is.
- 28.4.65 Dit is besluit om ook 'n Newsletter te voorsien en die eerste verskyn Mei 1965.

24.6.65 Eerste filmaand.

20.4.66 Die AFV bereik 'n ledetal van 200.

'n Jeugafdeling (Die Jong Filatelis) word deur lid Fanie Vermaak as 'n selfstandige tak van die Vereniging opgerig (April 1968) waarin die bestuur van Die Jong Filatelis geheel en al aan die jonglede oorgelaat word, dog onder toesig en opleiding van lid Vermaak.

15.8.70 Feesete in die Hotel Elizabeth by geleentheid van die twintigjarige bestaan van die vereniging; sestig persone aanwesig.

30.9.70 By geleentheid van Waterjaar 1970 het die AFV 'n landswye Waterstempelwedstryd gereël (Erik Thamm se sake in oorleg met die Waterjaarkantoor).

23.11.70 'n Interklubse vasvrawedstryd waaraan die AFV deel het, vind plaas.

15.9.72 'n Sitasie in Afrikaans word vir die eerste keer op 'n kongres van die Federasie van Filatelisteverenigings voorgelees toe die AFV een van sy lede om 'n hoë onderskeiding aanbeveel – en dit boonop in Rhodesië.



Willem van Niekerk (middel) wys sy versameling van posstempels van waterplekname aan minister Fanie Botha. Mnr Erik Thamm (links) kyk toe.

Waterstempelwedstryd 1970

In die Waterjaar 1970 het die AFV onder die voorsitterskap van lid P Seligman (op voorstel van lid E Thamm) besluit om 'n Waterstempelwedstryd vir skoolkinders op 'n landswye basis uit te skryf en sodoende die filatelistiese gedagte onder hulle te bevorder.

Die kinders sou Suid-Afrikaanse pleknaamstempels met 'n watertema bymekaar maak en mooi in 'n selfgemaakte album rangskik.

Lid Joh Groenewald het gesorg dat die wedstryd landswye publisiteit gekry het sowel by die skole asook deur middel van die nuusmedia in alle provinsies en SWA, terwyl talle seëlhandelaars en die AFV self vir pryse gesorg het.

Verbasend

Die reaksie was verbasend, sowel van die kant van die Afrikaans- asook die Engelssprekende kinders. Die selfge-

maakte albums is met groot liefde versorg en verbeelding is vrye loop gelaat met versierings daarvan. Daar was oor die 60 inskrywings!

Die grootprys is gewen deur 'n matriekleerling van die Kaap, Willem van Niekerk, met 'n versameling van meer as 500 stempels, volledig geannoteer, met o.m. die Bantoe-name verklaar. Alle deelnemers het 'n Waterstempelwedstryd 1970-sertifikaat van die AFV ontvang, en die hoogtepunt vir die wenners het gekom met die prysuitdeling in Pretoria, waar talle gesinne saam met die wennertjies uit alle provinsies opgedaag het.

Die pryse is oorhandig deur die Minister van Waterwese, mnr Fanie Botha, in die teenwoordigheid van die Posmeester-Generaal, mnr Louis Rive, wat dit 'n onvergeetlike gebeure vir alle deelnemers gemaak het. Van die destydse wenners is nou lede van die AFV. – E. Thamm.

Skommelgang ...

Verskeie faktore het daartoe bygedra dat die AFV se vergadertye en -plekke dikwels verander het. Die Vereniging is op Vrydag 13 April 1951 in die Openbare Biblioteekgebou, Johannesburg, gebore en so het dit gekom dat hy, danksy die welwillende tegemoetkoming van die Biblioteekowerheid, sy vroeë byeenkomste op die eerste Vrydag van elke maand gehou het.

Nie lank nie of dit blyk dat lede wat gereeld vergaderings bywoon meer tyd vir seëlverkeer begeer – die prosedures van die formele byeenkomste laat nie genoeg tyd vir so-iets nie. Met die jaarvergadering van April 1953 is gevolglik besluit om 'n bykomstigste vergadering op die tweede Saterdagmiddag van elke maand te hou, uitsluitlik vir ruil-en-veil-doeleindes.

Saterdag

Met verloop van tyd word dit duidelik dat Vrydagaande vir buitelede ongerieflik is. 'n Posstemming van alle lede word gehou. Ruim driekwart van die lede sê dat 'n Saterdagmiddag hulle beter sou pas. Gevolglik is op 18.4.62 besluit om van 5.5.62 af die formele vergadering op die eerste Saterdag en die informele vergadering op die derde Saterdag van elke maand te hou. Dit het egter min verandering aan die aantal aanwesiges met byeenkomste meegebring.

Die jongste reëling het ongelukkig onvoorsiene probleme meegebring – onder andere was die beskikbare kamer veels te klein mest die gevolg dat ons noodgedwonge van 25.4.63 af na die eerste Vrydagaand moes terugkeer. Dit was ongelukkig, maar onvermydelik. Hierna het die AFV se maandelikse bywoningsyfer tot 'n onwelkome en teleurstellende laagtepunt gedaal en dit ten spyte van 'n steeds groeiende ledetal. Ondertussen is die Saterdag-byeenkomste flink en plesierig ondersteun en word dit gaandeweg duidelik dat ons lede meer op die persoonlike toegespits is as formele besprekings van verenigingsake en posseëlkundige onderwerpe waarby daar slegs seksionele belangstelling is.

Weer is die posisie in oënskyn geneem en toe 'n ruim saal ons aangebied is vir die derde Woensdagaand van elke maand is besluit (15.4.64) om dié aangeleentheid aan te gryp en daarmee dan ook die ruil-en-veil-byeenkoms tot die eerste Saterdag te verander.

Klein bywoning

Alle bestuurspogings ten spyte, het die bywoningsyfer minder as tien persent van die ledetal gebly. Al het alle lede in 1962 aangedui dat Vrydagaande hulle nie pas nie en dat Saterdagmiddae meer in hulle kraam sou wees, het die presensielys steeds met net dieselfde ou getroue groepie name gepryk. Daar is naderhand besluit dat huishoudelike sake deur die Bestuur hanteer sou word en dat slegs belangrike aankondigings met die sogenaamde formele byeenkomste gemaak sou word. Dit het meegebring dat ooreengekom is dat formele sake nie langer as 'n halfuur sou duur nie. Praatjies, lesings, filmvertonings en dies meer wat die bestuur as opbouend van aard beskou het, moes ingeboort word terwille van die gesoek na iets vir eiebelang. Maar, dit is wat lede verlang het en só moes dit dus wees.

Dit en nog wat het bewys dat twee maandvergaderings vir die lede van die AFV 'n weelde was. Nogal paradoksaal. Of dit Vrydagaand, Woensdagaand of Saterdagmiddag is, maak nie saak nie; as daar 'n sweem van amptelikheid is, bly hulle doodeenvoudig weg – „ek stel nie belang in wat die ander ou te sê het nie; ek wil net my eie bevorder” – dit was die siening van ons lede 'n jaar of tien terug.

Vandag is dit gelukkig heeltemal anders! (ons sal toegee dat seëlversameling en veral filatelie vir die deursnee Boerseun 'n nuwigheid is: Toe ons in 1951 begin het was daar

bloedmin van hulle. Nou neem hulle getalle vinnig toe).

Hoe dit sy, die jaarvergadering van 20.4.66 besluit dat ons nie met twee vergaderings 'n maand kan deurgaan nie en dat ons hiervandaan net elke eerste Saterdagmiddag van elke maand byeen sal kom.

Die bywoning is deesdae (sedert die sewentigerjare) hoogs bevredigend. Veertig-vyftig-sestig aanwesiges is aan die orde en dit is baie bevredigend dat hulle dan ook baie belangstel in alle verrigtings. Of dit 'n uitstalling, filmvertoning, lesing of wat ook al is, die geesdrif is spontaan en oorweldigend. Miskien moet ons weer in die rigting van twee vergaderings per maand kyk. (Hoe sê?).

Nou wonder ons of ons lede ten volle besef hoe 'n laspos ons nie in die oë van sekere mense moes gewees het nie. Begryp jou nou net, ons kry gratis vergaderinggeriewe en elke dan en wan sê ons: Dis nie goed genoeg nie. Julle moet 'n ander plan maak! Ons wonder of enige ander organisasie die Biblioteekowerheid soveel verpes het as juis die AFV. Ons dink terug aan die dae toe ons Vrydag- en Saterdagvergaderings te dig op mekaar gevolg het of wanneer openbare vakansiedae met ons gebots het en ons gereeld moes bel om ander reëlings te tref, dat die stem so bekend geword het dat die blinde dame aan die skakelbord (mev Jacobs) dit so goed leer ken het dat sy met haar immer joviale lewensuitkyk en lieflike benadering tot haar werk altyd sou se „goed meneer Vermaak, kom ons kyk of ons haar kan kry” (dis nou die ewe gediensige dame wat ons moes huisves).

Voorwaar ons is die destydse Bibliotekaresse (mej Anna H Smith, nou doktor) baie dank verskuldig en ons sê by voorbaat baie dankie aan haar opvolger (mej Kennedy) vir die voorreg om gebruik van haar biblioteek se vele openbare geriewe te kan maak en vir die pragtig spontane hulpvaardigheid van haar lieflike, voorbeeldige en bekwame personeel. – **S.J. Vermaak.**

Hoe 'n Suidwester die AFV sien

Daar is 'n hele klomp Suidwesters wat lede van die AFV is en dit lyk vir my nogal getroue lede. Dit beantwoord ook die vraag wat ons daar ver in die noorde van die AFV dink: *ons voel tuis!* Ons voel dat ons as filateliste en lede van die vereniging as belangrik beskou word en nie afgeskeep word nie soos ons dikwels met ander aangeleenthede moet ondervind.

Dit is vir ons van groot waarde dat baie van die bestuurslede met wie ons te doen kry – bv mev Barenbrug, mnre Bakker, Thamm en andere – Duits kan verstaan en dit gee ons ook die moed om dit wat ons op die hart het aan hulle oor te dra en meesal nie tevergeefs nie.

Die klein versamelaar

Ons is beïndruk dat die AFV ook die belange van die „klein” versamelaar, dié wat nie oor groot rykdomme beskik nie, op sy hart dra.

Elke versamelaar bereik 'n stadium waar hy maar weinig uit die skatkis van die rondsendboekies sal baat, en tog wil ons dit nie graag misloop nie aangesien ruilgeleentheid in ons wye land maar baie beknop is.

Ek praat sekerlik ook namens al die Suidwes-lede as ek die AFV vir die toekomstige sukses toewens. Dis jammer dat ons nie by die feesvierings teenwoordig sal kan wees nie. – **UMA.**

Eerste lede wat buite die vereniging presteer

Met 'n internasionale uitstalling te Oslo, Noorweë, in Julie 1955 is Mike Michelson die eerste lid om buite die AFV-kring mooi te presteer toe hy met sy versameling van Litoue 'n silwer medalje losslaan.

In 1957 wys jonglid Dawid Crocker sy eweknieë waar Dawid die wortels gegrawe het toe hy by geleentheid van 'n nasionale uitstalling pragtig presteer deur die hoogste toekenning (silwer) in die junior-afdeling te buit met sy versameling van Transvaal en 'n brons medalje vir sy Groot-Brittanje te kry.

Fanie Vermaak word aangewys as beoordelaar met die internasionale wedstryd UNIPEX 30.5.60.

Met die internasionale wedstryd UNIPEX vermag Lou Abrams 'n goue medalje met sy vertoon van filateliese Duits Suidwes-Afrika (gelukkig vir hom het Fanie Vermaak nie daardie afdeling beoordeel nie – 'skuus Lou!).

In Julie 1960 word Fanie Vermaak aangewys as lid van die Adviserende Komitee wat die Departement Pos- en Telegraafwese „sal bystaan in verband met die ontwerpe, ens. van die Unie se beoogde vaste seëlreeks”.

Fanie Vermaak ontvang die Ernest Hunt Cup (14.2.61), die hoogste toekenning van die Philatelic Society of Johannesburg vir (ons siteer): „Sy voortrefflike werk as Nuusbriefredakteur en Sekretaris van die Afrikaanse Filatelievereniging en vir sy waardevolle bydrae tot die sukses van UNIPEX”.

Thys Rall wen die grootprys met die nasionale uitstalling JUBILEX (Oktober 1961) vir sy onvergelykbare versame-

ling van die seëls van die Unie van Suid-Afrika – seker die rede waarom hy kort daarna LV vir Mosselbaai word!



1954: Die Skinner Cup word aan Fanie Vermaak (regs) oorhandig deur dr Alec Kaplan, Federasiepresident (middel). Mike Michelson, Federasiese Sekretaris, hou die beker vas.

Die rondsenddiens

Die penningmeester (Rinus Mioch) kondig aan (7.9.51) dat hy 'n rondsenddiens aan die gang gesit het.

Die Rondsendbeampte se verslag aan die einde van die tweede jaar lyk so (Arie, kyk weg. Wat hier volg is nie vir jou oë bedoel nie!):

„Gedurende die jaar is 19 pakkies in omloop gesit. Hieruit is kopies ten bedrae van £120 gemaak wat aan die Vereniging 'n wins van £12 besorg het. Dit bring die inkomste op £16.11.0 vir die twee jaar. Uitgawes het £1.18.0 beloop. Die totale winste tot op datum is dus £14.13.0.”

Die Rondsendbeampte rapporteer (10.6.53) dat lede te lank aan pakkies vashou ('n kroniese kwaal dus, hy kla nog steeds). Hy maak ook beswaar teen substandaard-seëls met superstandaard pryse. (Geld dié verskynsel dan nie nog steeds nie, Rinus?). Die Rondsendbeampte weer aan die beurt, 12.5.54: Die meeste lede kom nie voorskrifte na nie – pluk seëls uit sonder om af te teken, stuur nie retoerstrokies aan nie, „sit op pakkies” en betaal nie tydig nie.

Klagtes

Sedert die Rondsendbeampte in 1953 formeel klagtes teen sekere lede ingebring het, het min verbetering ingetree en het periodieke versoeke om die reëls na te kom haas geen verandering meegebring nie. Trouens, teen 1958 het die uit-tredende voorsitter in sy jaarverslag gewag gemaak van die laksheid en onverskilligheid van party lede en verwys na gevalle waar die vereniging teen sy sin hom op die dienste van 'n prokureur moes beroep.

Die nuusbrief van 9.9.59 dra 'n kennisgewing in rooi: As die reëls nie stiptelik nagekom word nie, sal u nie weer pakkies ontvang nie!

Na agt en 'n half jaar gooi Rinus tou op. Wim Lambert volg hom op.

Ten spyte van vele rondsendprobleme word die AFV se

rondsenddiens in Oktober 1960 beskryf as „nie ver agter die beste onder die amateurs in die land”.

Verdeel in streke

Dié diens word te groot vir een persoon. Gevolglik word dit voortaan in streke verdeel onder die bestuur van Rondsendbeheerbeampte (Wim Lambert) met vier roetes, naamlik Johannesburg (Wim Lambert), Wes-Transvaal/Vrystaat/Kaap en Oosrand/Oos-Transvaal (T. Kramer); Wesrand (Fanie Vermaak). Gepaard hiermee is besluit om streng op te tree teen onverskillige lede – hulle name sal na 'n waarskuwing summier van die lys geskrap word. Rinus Mioch keer terug (9.8.61) en neem die beheer van die diens op sy skouers as Rondsendbeheerbeampte met roetehoofde T. Kramer, Wim Lambert, J.S. Stolk en Fanie Vermaak. Hy maak 'n herindeling van roetes.

Rinus Mioch lê die tuig finaal neer, Augustus 1964. (Finaal? Ons sal sien). Hy word opgevolg deur Arie Bakker as Rondsendbeheerbeampte.

Arie Bakker se eerste verslag (28.4.65) lui o.a.: 334 boekies deur Rinus Mioch aan hom oorgedra waaruit R1 047,46 reeds verkoop was; 91 boekies dadelik afgereken (R673,50); teen 10.3.65 is 34 pakkies (340 boekies) in omloop; ten tye van die jaarvergadering is 394 boekies in omloop; 80 lede gebruik die rondsenddiens; 38 lede verskaf die boekies; hy sê ook dat ontvangers van pakkies sy liefdestaak versuur deur nie die voorskrifte mooi na te kom nie.

Roetes

Die tweede tussentydse verslag deur Arie Bakker wys o.a. dat hy 203 boekies afgereken het vir 'n totaal van R1 334,63. 1965 is vir hom 'n jaar van oriëntasie en organisasie en in die midde 1966 kan hy die motor vinniger laat loop. Dit het op

die instelling van twee bykomstige roetes neergekom. Die herindelings met die betrokke roetehoofde lyk toe soos volg:

- Roete 1 Johannesburg I Arie Bakker
- Roete 2 Johannesburg II Tjipke Kramer
- Roete 3 Oosrand en Pretoria, Loek en Riet van Riet
- Roete 4 Wes-Transvaal, Vrystaat en Kaap, Tjipke Kramer
- Roete 5 Wesrand en Noord-Vrystaat, Jobus Busser
- Roete 6 SWA en Noord-Transvaal, Arie Bakker

Die verslagjaar 1966/67 lewer 'n nuwe hoogtepunt en weer is uitbreiding van roetes moontlik as hy die geskikte leiers daarvoor kan vind.

Nie lank nie of 'n verdere herorganisasie word deur die Bestuur goedgekeur:

Roete 1	Johannesburg I	Tinie Vorster
Roete 2a	Johannesburg II	An Barenbrug
Roete 2b	Pretoria	Tjipke Kramer
Roete 3	Benoni	Loek en Riet van Riet
Roete 4a	Vrystaat	Jan Wessels
Roete 4b	Wesrand	An Barenbrug
Roete 5a	Durban	Loek en Riet van Riet
Roete 5b	Kaap	Arie Bakker
Roete 6a	Noord-Transvaal	Arie Bakker
Roete 6b	SWA	E.J. Spatrius

Kom ons kyk na die statistieke van daardie jare en u sal sien waarom uitbreiding van roetes noodsaaklik geword het:

Omset per kalenderjaar

1965	R 1,380
1966	3,883
1967	4,448
1968	4,964
1969	6,082
1970	7,460
1971	8,674
1972	11,528

Of moet ons miskien sê – die organisasie het eerste gekom en die resultate het gevolg. Nietemin, dit alles plaas die AFV se rondsenddiens ver voor op die lys van soortgelyke dienste in die land.

Kommissie verlaag

In 1970 verlaag ons die 10% kommissie tot 5%. Die AFV is die enigste vereniging in die hele wêreld wat dit doen, en ons kan dit doen want ondanks besteding aan ons eie AFV-aktiwiteite en betaling vir bevordering van filatelie na buite uit die wins van die rondsenddiens tot 'n bedrag van R1 800 oor 'n periode van 8 jaar, het ons Eie Risiko Assuransiefonds ingeval 'n pakkie verlore sou gaan, in die tyd gestyg tot oor R3 000.

Met die jaarvergadering van 4.3.72 het Arie sy voorneme te kenne gegee om as Rondsendbeheerbeampte uit te skei. Vir 'n oorgangstydperk sal hy nog in hierdie hoedanigheid optree, dog alleenlik tot die bestaande boekies opgeruim is. Intussen is Tinie Vorster as Assistent-Rondsendbeheerbeampte aangewys om nuwe insendings van boekies te hanteer en om gaandeweg algehele beheer van rondsendings oor te neem.

Vir die oorgangsperiode besluit die AFV om die geouditeerde balansstaat op te stel vir die periode 1.1.73-31.8.74 (20 maande) daarna volg die geouditeerde staat per 31.12.74 (4 maande) en is ons weer op datum. Vir die twee jaar is die bedrag wat afgereken word R19 130,20 en is die bedrag wat nog afgereken moet word op boekies in sirkulasie R4 718,26 dus vir die 2 jaar is die omset R23 878, of sê R11 924 per jaar. Tinie handhaaf dus kragtig ons hoë omset-syfer.

Maar om dit te reël kos daaglikse inspanning vir een man en nou moet ons omsien na 'n nuwe top-organisasie.

Die oplossing kom as Tom Kuipers as die rondsendbeheerbeampte die leiding van Tinie Vorster oorneem en Rinus Mioch (daar is hy weer in die saal) optree as die gemagtigde van die bestuurskomitee om boekies te keur en op eerste roete te sit nadat kwaliteit en pryse gekontroleer is volgens AFV-standaarde.

Tans het ons ongeveer 300 lede wat deelneem aan die rondsenddiens en 11 lede het die werk daarvoor op hulle geneem. Die elf roetes word beheer deur:

Mev. A Cornelissen	Roete Ia	(Johannesburg, Oos en Sentraal)
Mev. A de Jong	Roete Ib	Hoofsaaklik Wes- en Suid-Transvaal
Mev. A Barenbrug	Roete IIa	Johannesburg-Noord en Sentraal
Mev. A Barenbrug	Roete IIb	Suidwes-Afrika
Mnr L van Riet	Roete IIIa	Oos-Rand
Mnr L van Riet	Roete IIb	Natal
Mnr Jan Wessels	Roete IVa	Vrystaat
Mnr J M Becker	Roete IVb	Kaap
Mnr T Kramer	Roete V	Pretoria
Mnr E J Sparrius	Roete VIa	Johannesburg-Wes en Bryanston (Johannesburg-Noord)
Ds D J A G du Toit	Roete VIb	Noord-Transvaal

In 1974 was daar 86 pakkies in omloop met 'n gemiddelde van 10 boekies per pakkie en laasjaar 85 pakkies.

Ons reken daar moet tog nog baie lede wees wat duplikaat seëls gebêre het en niks daarmee doen nie. Plak hulle tog gerus in boekies. Ons kan altyd nog meer seëls gebruik vir die rondsenddiens.

Federasie se skyfiesingsbiblioteek

'n Mens weet nooit wat jy begin as jy ja sê nie.

Vir jare het die komitee vir bandlesings op Federasie se kongresse rapporte ingedien, maar die resultate was maar min.

Toe vra Joh Groenewald op 'n slag in die koffiepouse van 'n Federasievergadering of die AFV miskien bereid sal wees om in korrespondensie te tree met die Nederlandse Filateliese Centrum. Hy ken hulle sekretaris, mnr J C Schäfer, wat in die laaste 25 jaar al tussen 60 en 70 skyfiesings versorg het en daardie man wil ons help.

Jy skrywe die brief en jy kry antwoord met 'n skyfiesing om te laat sien hoe hulle werk. Nog 'n advies daarby: maak kontak met die Britse Posdiens. Jy moet so sê en so doen.

Jy volg die advies en nou spring Londen vinnig op jou nek. Hierjy van die AFV – jy moet ons verteenwoordig in Suid-

Afrika en alles vir ons reël.

Jy bring verslag uit op die volgende Federasievergadering 'n nou gryp hulle jou daar ook. Daar is nog 'n paar argeloses wat die vergadering besoek en voor jy dit weet is daar 'n nuwe komitee wat 'n bordjie „oudio-visuele komitee” kry, pleks van die ou Recorded Lectures Committee.

Daar het jy dit. In werklikheid het hulle niks in die opdrag verander nie. Hulle het net die AFV gevang om die diens te lewer wat die filatelie in die land moet bevorder. Maar nou goed dan. As die AFV dan gewig moet ingooi dan sal daar gewerk word, maar dan ook deur almal!

Ons is nou 'n Federasiekomitee en as u deur 'n lid van die komitee genader word met versoek sal u weet dat ons verwag dat u antwoord net ja sal wees.

AFV-mense

Aangename kennis

Soos sy naam dit baie duidelik stel, is die AFV 'n vereniging van filateliste, dit is mense. Mense wat juig as hulle die kruin van sukses behaal en suur glimlag as hulle afdaal in 'n trog van teleurstelling. In ons gekedere het ons filateliste van naam en van dieselfde geeste vertel, elders in die uitgawe, van die groot blapse wat hulle gemaak het.

Ons stuur tans 325 nuusbriewe uit aan lede, jeuglede en belangstellende instansies, en ons sou graag al ons lede, huidig sowel as gewese, aan u wou voorstel, maar dit is ontmoontlik. Hier is 'n paar name, arbitrêr uit 'n hoed getrek.

Soos dit hoort sal die name van stoere ringkoppe, die gesoute stigterlede, bolangs lê:

Ons stel Rinus aan die woord oor:

S J VERMAAK, RDPSA

Ere-President van de AFV

Op 13 April 1951 begon mnr S J Vermaak (sinds jaren aan ons bekend als Fanie) zijn lange loopbaan om filatelie onder de Afrikaanssprekenden te bevorderen. Dat hij dit ideaal 25 jaar lang is blijven nastreven tekent hem als 'n man met 'n ijzeren wil, die zich niet laat afschrikken door tegenslagen en moeilijkheden. Want in die 25 jaar zijn er tal van momenten geweest van inzinkingen, maar steeds is Fanie weer met plannen gekomen om het voor de leden aantrekkelijker te maken en wist hij de schaapjes weer in de kooi te krijgen.

Op die gedenkwaardige 13de April 1951 werd Fanie met algemene stemmen tot de eerste voorzitter van de AFV verkozen. Nadat hij die funksie 'n jaar had waargenomen is hij op die eerste jaarvergadering als sekretaris gekozen.

Tal van uren heeft hij, samen met de heer Schubart, besteed aan het samenstellen van 'n Afrikaans-Engelse woordenlijst, aangezien zoiets nog nooit in druk was verschenen. Dit was 'n ontzachtelijke taak, aangezien er tot dan geen Afrikaanse woorden waren voor tal van filatelistiese termen.

Wat Fanie vooral sterk op het hart gedragen heeft is altijd de jeugd geweest. Hij heeft dan ook tal van keren kontakt gezocht met scholen om de kinderen aan te moedigen en te helpen om zegels te verzamelen waarbij Oom Fanie altijd bereid was om zegels te schenken. Zoo is er ook op 'n vergadering in 1954 besloten om zegels bij elkaar te maken voor schenking aan weeshuizen. Daar zijn toen inderdaad enige zendingen naar kinderhuizen gegaan. Die poging van Fanie heeft echter 'n vroegtijdige einde gekregen wegens te min medewerking van de leden. Het is echter niet te laat om weer zoiets op touw te zetten nu de vereniging zoveel sterker is.

Zijn grote belangstelling voor de jeugd heeft dan uiteindelijk geleid tot de oprichting van de jeugdafdeling van de AFV wat 'n groot sukses is geworden, zoodat er reeds op 19/2/55 'n jongerlid-wedstrijdbijeenkomst plaats vond, waarop David Crocker de eerste prijs behaalde met zijn Transvaal 1893-1910.

Ook bij de opstelling van grondwet, wedstrijdregels, het regelen van uitstallingen, bij bezoeken aan andere verenigingen heeft Fanie de toonaangevende rol gespeeld. Voor het verkrijgen van trofee's heeft hij op zeer diplomatieke manier Rembrandt en Veka genaderd wat voor onze vereniging twee waardevolle wisselprijzen heeft opgeleverd.

Ook was hij de eerste bibliotekaris van die AFV en heeft

veel van zijn eigen literatuur aan de vereniging bemaakt.

Ook Mevrouw Vermaak heeft grote dienst aan de vereniging bewezen door meer dan acht jaar het tikwerk van de AFV Nieuwsbrief waar te nemen.

Voor zijn jarenlangen dienst heeft hij de volgende erkenningen gekregen:

AFV

- 1960 J W Schubart-Gedenktoekenning
- 1962 AFV-Eretoekenning
- 1963 J W Schubart-Gedenktoekenning
- 1964 Skrywersertifikaat
- 1965 Skrywersertifikaat
- 1966 Rembrandt-Wisseltrofee
- 1966 Lewenslange Erepresident
- 1968 Skrywersertifikaat
- 1972 Veka-Wisselbeker
- 1973 AFV se Kongrestoekenning

Philatelic Society of Johannesburg

- 1961 Ernest Hunt Cup
- 1964 W H Sheffield Award
- 1969 Plaatjie vir Verdienstelikheid
- 1973 I Isaacs Award

Federasie

- 1954 Skinner Cup
- 1958/69 Medaljes (brons, silwer en goud) as beoordelaar met masionale wedstryde, insluitende een internasionaal (1960).
- 1965 Bill Lea Cup
- 1968 Kongrestoekenning
- 1972 Naam ingeskryf op die Ererol van Vername Suid-Afrikaanse Filateliste.
- 1973 Kongrestoekenning

'n Ander man wat nog steeds baie bedrywig in die AFV is, is

M V (Rinus) Mioch (Ere-lid)

In 1907 in Holland gebore uit 'n tradisionele drukkersgesin; sedert 1947 in Suid-Afrika en tot 1973 'n drukker van beroep; uitgetree en vang nou vis, speel met sy opreggeteelde wolfhonde of leer vir Fanie brug speel wanneer die vereniging se rondsendsake hom dit toelaat; twee getroude dogters en 'n ongetroude seun; lank reeds oupa; die soort persoon wat deur 'n ieder en 'n elk bemin kan word; spitsvondig en 'n uitgeknipte sakeman.

Hy versamel seëls sedert laerskooldae. Sy uitgebreide versameling van Europese lande tesame met al sy ander besittings is gedurende die Tweede Wêreldoorlog in 'n bombardement vernietig.

Stigterslid van die AFV en het in 1951 ook by die plaaslike Engelstalige vereniging aangesluit. Eerste penningmeester, rondsendbeampte en rondsendbeheerbeampte van die vereniging vir baie jare (grondslaglegger van die rondsenddiens). Versorg reeds jarelank die afrol en versending van die Nuusbrieff. Sy liewe wederhelf Ria doen die tikwerk. Vereer met die J W Schubart-Gedenktoekenning, AFV-Eretoekenning en Veka-wisselbeker.

Vir 40 jaar lid van die wêreldbekende Hollandse posseëlvereniging Philatelica waar hy die posseëlkuns afgeloer het.

F W (Fred) Burnard

Gebore in 1914 te Stellenbosch. Studeer aan die Universiteit van Stellenbosch en verhuis in 1935 na Johannesburg. Werk eerstens by die myne en aanvaar dan sekretarisskap

van 'n korrespondensiekollege; later werksaam by die Roodepoortse munisipaliteit. Tans personeelbeampte by die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad, Pretoria. Getroud en het twee seuns.

Eerste sekretaris van die Roodepoort Stamp Club; gewese lid van die Philatelic Society of Johannesburg en stigterlid van die AFV. Versamel hoofsaaklik Suid-Afrikaanse lugpos.

Dr W P van der Merwe (Stigterlid)

Sy geboorte in 1909 in die "City of Saints" het Halley se komeet in 1910 voorafgegaan.

Hy het herinneringe van die Pêrel, matrikuleer in 1926 in Stellenbosch, studeer aldaar (B Sc in 1929), Universiteit van Kaapstad en die Amsterdamse Universiteit in Holland waar hy in 1937 promoveer. Praktiseer vir byna tien jaar in Petrusville en sedertdien in Viljoenskroon.

As jong knapie in 1919 was hy gelukkig(?) genoeg om 'n oranjekleurige 1/- posseël op 'n pakkie van 'n tante te kry. Net daar het die moeilikheid begin want hy het toe begin seëls versamel. Sommer die hele wêreld! Maar was hy dom! (Dis sy eie woorde!)

Ook niemand gehad om hom raad te gee nie. By 'n vriend se huis se solder op 'n paraffienkas vol koeverte afgekom, die seëls van 'n klomp afgeskeur, onder andere sittende Hoop van die ou Kaap met 'n 6d oorgedruk, en die res sommer op die vloer laat lê. Toe hy later weer op die solder kom om nog seëls te soek, het hy gesien dat die muise sy vernietigingswerk klaargemaak het.

In die jare 1922-23 het hy 'n voorliefde vir die Duitse seël begin ontwikkel. Wyle Hansie Schubart (soos hy destyds op Stellenbosch genoem was) se vader was bestuurder van 'n boekhandelsaak. Hy het beduie dat daar elke Dinsdag sulke mooi seëls van baie hoë waarde in die rommelkas by sy vader se besigheid te kry was. Van toe af was 'n klomp van hulle gereeld elke Dinsdagmiddag daar om seëls van die papier en briewe in die kas af te skeur. Seëls met duisende, miljoene en miljarde mark gesigswaarde soms tot 20 op 'n stuk papier! Dit was die destydse Duitse inflasiegoed.

Maar was hulle nog steeds dom! Nooit daaraan gedink om die seëls op die papier of brief saam te bewaar nie. Nog steeds het die moeilikheid nie opgehou nie, want ná die Tweede Wêreldoorlog het die Duitse Gebouereeks in 1948 gekom. Een korrespondent het van die goed op en in briewe aan hom gestuur totdat sy belangstelling so geprikkel was dat hy in hierdie groepie seëls begin „spesialiseer" het. En hoewel die reeks al meer as 20 jaar uit gebruik is en dit byna nooit in rondsendboekies meer verskyn nie, soek hy nog altyd na die goed.

(Dis nou van 'n AFV-lid – weet baie goed waar 'n bietjie gratis advertensie los te slaan is!! Sal iemand hom tot oor die lieue vriend ontfem?)

Op 1 Augustus 1959 word die eerste erelid benoem, Anna H Smith;

As skooldogter het sy reeds posseëls versamel en het nog altyd in die ongewone belanggestel. So het sy vroeg reeds van haar duplikate volgens kleur gerangskik om aan te toon hoe anders die kleur van 'n seël kan wees terwyl dit tog nog dieselfde benaming in die katalogus het.

Behalwe versamelings van Nederland en die Vrystaat, het sy in 1960 'n uitgebreide versameling begin maak om posseëlterme in Afrikaans en Engels te illustreer. Later het sy deur voorbeelde probeer vasstel wanneer iets vir die eerste keer op filatelistiese gebied gedoen is, bv die eerste tweetalige posseël in die wêreld.

Op die oomblik probeer sy om verskillende vervalsings van Kaapse driehoek bymekaar te kry en versamel seëls met afkortings (bv V R I, T E O, P M) daarop oorgedruk en ook dié wat boeke het as deel van die ontwerp. Sy sê sy is maar net 'n posseëlversamelaar en nie 'n filatelis nie.

Die name van 'n paar voormalige voorsitters van ons Vereniging word nou uit die hoed getrek; 'n lang geselsbrief kom van Dr W G Hesse, (Voorsitter 1955/56) Kogarah, Australië, en weereens is dit 'n jammerte dat ons dit nie ten volle

plaas nie en haal onder meer, (hy sê self . . . "I talk too much . . .") sy filatelistiese omswerwinge, sy akedemiese prestasies en loopbaan, sy leed met die heengaan van sy vrou uit en laat hom self vertel;

„Liewe Fanie,

Ek is baie jammer dat ek nou eers op jou vriendelike brief en aanvraag kan antwoord, want . . .

This is, after so much time and so little practice, the whole extent of my Afrikaans . . .

I have been collecting stamps ever since my father presented me with his collection, when I was fourteen, and even when I was newly married, Hilde had to suffer the loneliness of looking on when her husband was engrossed with his albums. (A toast to our good Ladies!)

At first, of course, I built up on my father's collection, and I took the stamps of the whole world. But when I came to South Africa, in 1936, I began specialising on Europe, complete, and the South African countries. I gave thousands away to a friend, and received in return a rather mutilated copy of Sweden, SG 3, the 6 sk grey, which is still my only specimen of that rare stamp. I am still trying to keep that huge collection up to date, and take everything in Europe to the present, always used. I keep a great number of albums, all of the (abhorred) printed type, and as I only take one of each item, no varieties and such-like, I shall only term myself a "collector" and not a "philatelist."

I am no philatelist either in the matter of exhibiting. I have very seldom shown any of my collections, nor have I ever taken part in competitive shows, but I have enjoyed administering and organising a society's functions, and taking posts on the committee. Here, I have indeed shown a collection of German se-tenants of which I am inordinately proud, but, for the rest, I have given up working on committees.

In Johannesburg, I was Hon Secretary of the Johannesburg Philatelic Society for about seven lean years, and editor of the monthly newsletter for the same time, not only composing it but duplicating it and posting it to about 250 members. I was the President of our Afrikaanse Filateliste-vereniging once.

My time of glory was, of course, the International Exhibition of 1960, UNIPEX, where I figured as organising secretary and manager, and I still think it a fanfare of departure from organising philately!

(Hy sê nie dat die AFV hom vir sy reuseaandeel aan die sukses van UNIPEX met die J W Schubart-Gedenktoekenning vereer het nie!)

B J (Ben) Slabber (Voorsitter 1953/1960).

Op Malmesbury gebore en skool gegaan. In 1944 by Spoorweë aangesluit en in Kaapstad aan die Tegnieese Kollege gestudeer. Vandaar met bevordering na onderskeidelik, Johannesburg, Port Elizabeth, Bloemfontein en Pretoria. Is tans in beheer van die S.A.S. se Materiaal-inspeksieafdeling in Pretoria. Belangstellings en stokperdjies sluit ook in munteversameling, vlieg, koorsang, blokfluit en professionele fotografie.

Sluit aan by AFV in 1952 op aansporing van mev Eugenie Vermaak! Versamel algemeen en EDKs. Voorsitter van AFV 1958/59 en lid van die UNIPEX-komitee in Johannesburg in 1960. Het die AFV in 1958 met die kongres in Germiston verteenwoordig en in Port Elizabeth in 1962. Versamel tans nie intens nie maar stel nog lewendig belang in filatelie.

W (Wim) Lambert (Voorsitter 1960/61)

In Holland, 1 Julie 1916, gebore en verhuis as sesjarige na Suid-Afrika. Eers in Heidelberg, Transvaal, gewoon en met ossewa skool toe gegaan. Daar vir die eerste maal in 'n motor gery en dit nog een met soliede bande, 'n Fordjie. Verhuis later na Pretoria waar hulle sowat 10 jaar gewoon het en toe na die Goudstad waar hy klaar skoolgegaan het, eers in Holland, en later in Engels. Dien gedurende die Tweede Wêreldoorlog in die SA Lugmag. Hy is reeds veertig jaar by 'n koerant as hoofrekenmeester.

Hy het vanaf sy vyftiende jaar posseëls versamel; hoofsaaklik gebruikte seëls en ongebruikte seëls vir tematiese doeleindes. Hy het op sy dag die posseëls van sulke lande soos Egipte, Soedan, Arabië, Libanon, Sirië, Irak en Iran versamel, asook lugseëls van die wêreld. So baie lande is onmoontlik om by te hou en deesdae versamel hy slegs Suid-Afrika, Suidwes-Afrika en die Protektorate, sowel as tematies (voëls en blomme). Meer as genoeg om 'n mens gereeld besig te hou.

Jobus Busser (Voorsitter 1968/1969)

Voormalige streekbeampte, sekretaris en voorsitter van die AFV. Gebore 1916 te Nijmegen, Nederland. In 1951 het hy sy tuiste in Suid-Afrika gemaak. Sedert 1965 lid van die AFV. Nadat hy aan sy kontrak met die Tegnieke Diens van die HPK voldoen het gaan hy in 1957 oor na die WNNR, waar hy elektroniese apparate ontwikkel en gebou het vir die laboratorium van toegepaste radioaktiwiteit. Daarna is hy op sy versoek oorgeplaas na die Hartebeeshoek Ruimtenavorsingstasie waar hy eerstehandse ervaring opgedoen het met ruimtetuie wat na verskillende planete en die maan gestuur is. Sy laaste 5 jaar aldaar was hy instrukteur om nuwe tegnieke aan die personeel oor te dra. Hy het ook 'n ruimtenavorsingskursus in die VSA ondergaan.

As entoesiastiese filatelie was dit vir hom nie moeilik nie om ná die sluiting van Hartebeeshoek met oorgawe in die seëlwêreld te duik en is nou dan ook onder andere verantwoordelik vir Rand Stamps Postal Auctions.

Af en toe verskyn iets van sy hand in die SA Philatelist, in 'n „fluisterstem”, maar sy literêre vrugte gaan nou merendeels na die VSA waar meeste van sy werk gepubliseer word. Hy is dan ook lid van die Society of Philatologists en afgesien van sy belangstelling in diverse studiegroepe is hy sedert oprigting die gekose president van die SA Filateliese Handelaarsvereniging (SAPDA/SAFHA).

Nou volg daar sommer so 'n deurmekaar handvol, almal stukke van formaat:

Joh Groenewald

Hy het in Oktober 1969 'n straatplakkaat vir ZAR 100 in Corlettrylaan gesien en toe by die uitstalling gaan inkyk. Weer en weer, want 'n gewone ZAR-seëltjie gestempel „Colesberg” in een van die uitstallings het hom geïnteresseer: in die Vryheidsoorlog deur die Boere in Noordoos-Kaapland gebruik!

Hy het dadelik by die AFV aangesluit (synde tevore joernalis-kollega van Etam) en voorlank het sy joernalistiese instinkte hom as ere-assistent-redakteur nuwe lewe aan The SA Philatelist help gee (waarvoor hy in 1972 die Skinner Cup deur die Federasie toegeken is).

Intussen het hy begin om sy versameling van „Vryheidsoorlog: Boerepos” op te bou.

Sy heel eerste uitstalling, by die nasionale uitstalling Paarl 1975, het 'n jong opskudding veroorsaak. Hy het naamlik 'n driekuns behaal: die beker van die Anglo-Boer War Philatelic Society van Engeland, die Posmeester-generaalskild (vir die beste in SA filatelie) en deel die Staatspresidentstropie (die grand prix) met kmdr C E D Enoch, RDPSA, FRPSL (68) – hy nogal op 35-jarige leeftyd.

In die Afrikaanse Taalfeesjaar het 'n versameling met Afrikaanse byskrifte dus die eerste keer die grootprys by 'n Suid-Afrikaanse uitstalling verower.

Joh is bestuurslid van die grootste reklameorganisasie in die land en woon in die distrik Bronkhorstspuit, waar hy ook met bruin Birmese katte boer. (Arme katte!)

Benno Seelig

He started collecting stamps as a youngster in Germany, anything and everything that came his way. At the outbreak of the First World War he left his substantial stamp collections in the care of friends in West Prussia. After spending 5 years on the Russian front and as a prisoner of war in Russia, he found that West Prussia no longer belonged to Germany and that he had lost his stamp collections. The first chapter of his activities as stamp collector was concluded.

He brought his family to South Africa and 10 years followed during which there was no time for stamp collecting. Then, one day, passing the premises of an estate agent where an auction took place, and without knowing what was being auctioned he made a bid and became the owner of a collection of Australia. This was the start of the second chapter and from then on he joined the huge local family of keen collectors.

Of course, all collectors make mistakes. When in 1950 he visited Israel for the first time, he bought the first coin set in blocks of 4 with tabs, and paid something like £5. Persuaded after his return to Israel's stamps would have no future, he quickly sold this set for £8.10.0. No comment required!

He retired from business some 7 years ago, and is devoting a considerable part of his time to stamp collections of South Africa, South West Africa, France, Switzerland, Israel and U.P.U. 1949, but his main interest and love is concentrated on the classic old stamps of France and Switzerland.

There is hardly anything worth mentioning says the modest Benno, "I am and have always been a simple man, satisfied with what life offered, happy with my family, wife, children, grandchildren and my hobbies, namely stamp collecting, classical records and good books."

Jan H Smith

Nog voordat hy skool-toe gegaan het, is hy deur die geesdrif van sy vader, prof J J Smith, aangesteek en het hy begin seëls versamel. Sy belangstelling in posstempels en fisikaalseëls van Suid-Afrika en die provinsies strek dan ook reeds oor meer as 45 jaar. Sy diereversameling is byna net so oud.

Later het hy hom al hoe meer toegespits op Suid-Afrika en die Republiek en in 'n mate Suidwes-Afrika. Die afgelepe 25 jaar het hy 'n versameling Boere-oorlog opgebou. Sy vermeerderde pligte die afgelepe jare het sy tyd vir seëls ingeperk, maar sal nooit sy belangstelling kan uitwis nie.

Jan Wessels

Aangaande filatelie, was sy besluit om by die AFV aan te sluit een van sy wyste besluite wat hy nog ooit gedoen het, sê Jan. Deur lid te word het hy 'n Republiekwyse vriendekring opgebou van Afrikaners met dieselfde stokperdjie-belange, wat nie net die filatelie bevorder nie, maar ook Afrikaans in filatelie.

Hy het gevoel dat hy ook iets moes verrig en as plattelandse lid wat nie die vergaderings kon bywoon nie, was al uitweg om beheer van 'n rondsendroete oor te neem. Die aangename; of soms ondankbare werkie verrig hy al vir die afgelepe nege jaar met welslae.

Hy het sodanig sy spore as 'n ou staatmaker verdien dat die vereniging hom deur middel van 'n Verdienstelikeheidsertifikaat en 'n Eretoekenning beloon het.

As filatelie versamel hy as beginselsaak materiaal van Suid-Afrika se posgeskiedenis, vanaf Uniewording tot die hede, met klem op die studie van beide vaste reeks en herdenkingsuitreikings. Deur aanmoediging van sekere vriende, lede en amptenare van die AFV het hy al uitgestal op nasionale uitstallings en verlede jaar 'n bronstoeckenning vir 'n studie-onderwerp verwerf. Hy versamel ook die verwante gebiede SWA, Betsjoeanaland, Botswana, Basoetoland, Lesotho en Swaziland.

Vir ligte ontspanning versamel hy tematies Fauna en Flora om sy seun aan te moedig om in sy vader se filateliese spore te volg. Hy behoort aan verskeie filatelieverenigings, en dien ook in die bestuur van die plaaslike Welkomse vereniging en probeer steeds om nuwe lede te werf, veral onder die jeug.

Hy is in die vyftig jaar oud en is geheg aan sy gesin van Vroutjie, 'n getroude dogter en tienderjarige seun. Hy is 'n mynampenaar wat uitsien na sy uittrede; meer tyd dan vir filatelie! Sy lieflingsport is natuurlik rugby; en sy stokperdjies is filatelie, filatelie, filatelie en filatelie met tweede beste die kweek van vetplantsoorte en meubels maak.

M J (Thys) Rall

Was al onderwyser, boer, politikus maar bowenal filate-

lis. Sy eerste woorde was glo . . . „Pa, ek wil 'n seëlalbum hê” wat hy dan ook gekry het en al die lande van die wêreld versamel het . . . behalwe Suid-Afrika.

Op 'n goeie dag het 'n handelaar hom twee pare ½ Springbok-seëls gewys, die een in London, die ander in Pretoria gedruk. Kon hy die verskil sien?

Hy het dit gekoop, huistoe geneem, bestudeer en dit so interessant gevind dat dit die begin was van sy gespesialiseerde versameling wat hom so baie genotvolle dae besorg en sy eerste liefde geword het . . . vrou en kinders kom tweede . . . 'n man moet trouens sy prioriteite reg instel! (Sê hy self.)

Die Van Riets (Loek en Riet)

Dié egpaar (hy 47 en sy 46) land hier aan in 1955, uit Holland; hy, elektroniese assistent by die stadsraad van Benoni en sy, 'n betaamlike huisvrou; sy ander stokperdjies, fotografie en natuurbewaring – bestuurslid van die Oostelike Hoëveldtak en Penningmeester van die Natuurlewevereniging van Suidelike Afrika; haar ander liefhebberye, natuurbewaring, joga en grammofoonplate – assistent-penningmeester saam met Loek; ook sekretaresse van die plaaslike tak van die Girl Guide-beweging.

Benewens Nederland en Kolonies versamel Loek ook Suid-Afrika en Hong-Kong, insluitende posstempels en pospapier (hy praat ook van die afstempelings van die Hong-Kongse Verdragshawes – groot sake!); Riet hou haar by blomme, voëls en diere (ook maar 'n gewigtige klompie).

Kort na hul aankoms hier sluit hulle by ons aan. Nie lank nie of Loek sit saam in die bestuur. (Hy het sedertdien ook lid van die East Rand Philatelic Society geword). Help gereeld die afslaer met die vereniging se veilings. Riet is sedert 1964 roetehoof van die AFV se Oosrandse roete van die rondsenddiens en het ook vir 'n rukkie 'n tweede roete behartig. Vir haar puik en onbaatsugtige dienste is sy in 1972 met die vereniging se Sertifikaat van Verdienstelikeheid beloon gevolg deur die welverdiende toekenning aan haar van die J W Schubart-gedenktoekenning. (Loek is spekvet, dus kry Riet seker nog tyd om vir sy kos te sorg ook!).

E F A Huth (Hoeveel van ons was gebore toe hy begin posseëls versamel het?).

As tienjarige in 1904 het hy met posseëlversameling begin, meestal met seëls van Duitsland. Destyds was dit maar 'n gesukkel met geen posseëlhandelaars in Johannesburg nie. Hy is een van ons oudste lede, bes moontlik nog die oudste! Sy vonds in 1923 van die seldsame SWA-boeteseëls D13 is vandag alom bekend.

Die versameling van die geskiedkundige ossewapos van 1938 – waarvoor 'n toekenning ontvang is – sal hy graag aan lede van AFV vertoon. (Wat van somer in die Gedenkjaar?) Deesdae versamel hy onder andere silinderblokke van die Republiekseëls en van SWA.

Met een-en-tagtig jaar agter die rug stel hy baie belang in interessante stukke verbonde aan die oorlogsprisoniers- en interneringskampe van die twee wêreldoorloë. As spoorweg-geskiedskrywer is hy welbekend.

Gebore in Kaapstad, woon hy aan die Witwatersrand sedert 4 Oktober 1895. (Ons sal nie graag wil sê waarom daar nie 'n straat of voorstad na hom vernoem is nie!)

A H (Tom) Kuipers

Tom is 'n malkop met 'n pragtige spierwit Wilhelmse baard wat nie van homself praat nie maar ons lei af dat hy sowat 'n eeu of wat gelede in Dordrecht, Nederland, sy beslag moes gekry het (nee wag, Dordrecht kan nie so oud wees nie!), praat sy moedertaal nog suiwer, en was op sy dag alles en nog wat; trots daarop dat hy oa 'n skoenwaksverkoper was, ook hoender- en varkboer en hyskraanverkoper (ons kan maar net gis oor wat hy tussenin gedoen het!); twee jaar terug ophou werk – glo moeg geword.

Versamel seëls sedert tienderjare; voor hy by die AFV aangesluit het was hy nie by 'n seëlkring ingeskakel nie met die gevolg dat sy beste goed somer so met lyn vasgeplak is (arme vent!); hy het egter mooi geleer en spog tans met pragtige wedstrydwennende verwerkings van die vroeë KLM-vlugte en van die samehangende seëls van Duits-

land.

Hy sal egter vandag beter erken word as die beampte wat vir die afgelope twee jaar die vereniging se rondsendsake hanteer en daarmee dreig om Arie die loef af te steek.

Dr J W Pont wys ons „Die Pad van 'n Filatelis”

Die lus om te versamel is 'n menslike eienskap, wat op verskillende maniere ontwikkel kan word.

In die wêreld van posseëls word die ontwikkeling aangevoelig deur die vergelyking van versamelings. Toe my seun in sy jong jare 'n album present gekry het, was dit die eerste stap in die ontwikkelingsgeskiedenis van 'n versameling. Reeds by die begin was die taak van die versorging aan my opgedra. Dit het gelyk asof spesialisasie sou kan help om tydgebrek te voorkom. Juis die beperking tot Suid-Afrika het dit onvermydelik gemaak om meer en meer tyd te bestee aan die studie van die verskillende seëls. Die gegewens wat daardeur verkry is, die waarneminge moes vasgelê word en dit kon alleen gebeur as 'n byskrif by die seëls.

Met die groei in die versameling het die belangstelling en die kennis toegeneem waardeur een versameling twee filateliste laat ontwikkel het.

Ons het nog 'n paar lede in Nederland en plaas graag uit-treksels uit 'n brief van

M Feddema

Sinds my jongste jare ben ik reeds verzamelaar en toen natuurlik Holland en Europese landen.

In 1935 emigreerde familie van my naar Zuid-Afrika en kreeg ik belangstelling voor de zegels van dit land. Ik meen in 1950 kreeg ik contact met Prof Nilant en deze verzag my gereeld van de nieuwste zegels en blokken van ieder soort met cilindernos.

In 1959/60 waren we een jaar in Zuid-Afrika (ook Kruger-wildtuin) en werd ik lid van de Afrikaanse Filatelievergeniging. Heb de heer Vermaak nog medegemaakt als Voorzitter, bezocht met genoegen de vergaderingen.

Dit is nou so dat die meeste filateliste in ons land, lid is van meer as een vereniging – sommige van hulle is meer bedrywig in ander verenigings as juis in ons vereniging. Maar juis daarom is ons trots op hulle lidmaatskap van ons vereniging: „Dis mos óns mense wat leiding elders neem!” So stel ons dan aan u voor vir

Leo Buchen RDPSA

One of the very early members, he is what may be termed a born philatelist. A stamp collector since the tender age of six he has produced over the many years a substantial number of very fine collections, proof whereof is the large number of awards gained at national and international exhibitions.

Articles about studies on various philatelic subjects written by him were published not only in The South African Philatelist but also in philatelic magazines in the United Kingdom and the USA, in recognition of which he was awarded the Ernest Hunt Cup in 1966.

Leo Buchen had his name inscribed on The Roll of Distinguished Philatelists in 1958 and was elected a Fellow of The Royal Philatelic Society London in 1964.

The Philatelic Society of Johannesburg which he joined in 1936 and whose President he was in 1947 made him an Honorary Life Member in 1961 and the year 1968 saw his election as President of the Philatelic Federation of South Africa.

K E W (Ken) Lydall RDPSA

Born in Pretoria in 1911. Matriculated at KES, Johannesburg; holds BA (SS) degree from Unisa. Company Secretary. Married and has 7 children.

Collected stamps from the age of 9. Main interest has been the stamps of South Africa and its postal history, later interests being Greece and Malta. Hon. Life member of the Philatelic Society of Johannesburg and Past President. Member of the AFV, SA Stamp Study Circle (Past President), the Postmark and Aerophilatelic Societies.

Hon Secretary of Philatelic Federation of Southern Africa since 1965. Awarded Skinner Cup and signed the Roll of Honour in 1970.

M P Vorster

Lid Tienie Vorster, ondervoorsitter van die AFV, het in 1966 by die vereniging aangesluit en kort daarna hom bereid verklaar om een van die rondsendroetes van die AFV te behartig. In 1970 het hy ook die biblioteek van die vereniging oorgeneem en dien hy in die bestuur.

Toe Arie Bakker, destyds hoofrondsendbeampte, in Maart 1972 as voorsitter verkies is, het lid Vorster ondervoorsitter geword en is hy as opvolger van die hoofrondsendbeampte benoem. In hierdie hoedanigheid het hy tot 1974 gedien toe hy weens druk werksaamhede nie kon voortgaan nie. Hy is egter nog ondervoorsitter.

Sedert 1971 het lid Vorster die AFV by elke jaarkongres van die Federasie verteenwoordig. In 1972 het hy die AFV se sertifikaat van verdienste as erkenning vir sy rondsendienswerk ontvang, en in 1974 die AFV-Eretoekenning vir sy dienste as hoofrondsendbeampte.

Hy het sedert van jeugjare in posseëls belang gestel maar kon hom nog nooit in hierdie stokperdjie uitleef nie – daar was altyd ander, belangriker dinge: studies en werksverantwoordelikhede. Hy het gehoop dat hy die filatelie sou kan beoefen wanneer hy met pensioen aftree maar toe dit in 1967 gebeur het, is hy van kerkweë sodanig betrek dat posseëlversameling steeds op die agtergrond geskuif moes word.

Lid Vorster hoop om teen die einde van 1976 van alle bykomende take af te sien en hom uitsluitlik by sy ideaal, filatelie, te bepaal!

J J Meintjes

Johannes Jacobus Meintjes was gebore in Zeerust, Tvl., op 7 November 1917, maar is eintlik 'n volbloed Johannesburger aangesien hy maar 'n paar maande oud was toe sy ouers na die goudstad verhuis het.

Belangstelling in seëls het in 1941 ontstaan toe drie eerstevlug Keetmanshoop, S.W.A.-koeverte in sy besit gekom het. Die storie oor die geskiedkundige vlug was interessant gevind. Die gogga het gebyt en die gif was gewoontevorend.

Vir 'n geruime tyd was hy lid van 'n seëlklub, vandag gelukkig defunk. Ongelukkig was die leiding aan 'n groentjie nie juis professioneel nie behalwe in dié sin dat hy feitlik oop-oë beroof is van sy goeie goedjies deur dit teen 'n halwe appel en 'n ei van hande te laat wissel. Namate die kennis verbreed het, het hy hom geheel en al onttrek en op eie houtjie voortgestrompel totdat hy as lid van die AFV aanvaar is. Toe het die smeulende versamelaar weer nuwe lewe en rigting gekry.

Dis ook vanselfsprekend dat sy introduksie tot filatelie, nl. lugpos en in besonder Eerste Vlughte, een van sy versamelingsvelde is. Suid-Afrika, RSA met afwykings en EDKs, asook Noorweë is o.a. die filateliese velde waarin hy hom verdiep.

J Michelson RDPSA

Jonas Michelson (better known as Mike), born in Russia 1917, settled in Latvia in 1919. Arrived in South Africa in 1935, when he immediately joined the Philatelic Society of Johannesburg. Exhibited as a Junior at Jipex 1936, received a Certificate of Participation. His membership in the P.S. of J. lapsed whilst in the Army and he rejoined that Society in 1950.

Joined the AFV soon after its formation. Elected Secretary/Treasurer of the Philatelic Federation in 1952 as well as Business Manager of The S A Philatelist. He remained in that dual capacity until 1961, when he relinquished the Secretary and Business manager position, remaining Treasurer, a position he still holds to-day. Chairman of the Publications Committee of Federation since 1961 and also on the Management Committee of The S A Philatelist. For services to Federation he was elected to the Roll of Honour of Distinguished Philatelists in 1965.

Chairman of the ZAR 100 Philatelic Exhibition in 1969 and the AFV honoured him by awarding him their J.W. Schubart Trophy for his work in that connection.

Philatelic interests are Baltic States, especially Latvia, for which he won awards both at national and international

exhibitions.

Active participant in society affairs, having chaired the P.S. of J. on various occasions as well as the Society of Israel Philately. He is again chairman of the exhibition committee planning the next Philatelic Exhibition to be held in Johannesburg in 1977, "RAND 77". He is a Fellow of the R.P.S., London, honorary life member of the P.S. of J. and the recipient of various society and Federation cups for services to philately.

Daar is dan nog diegene wat, soos die uitsoek-posstuk, so gesoek is dat hy versameling na versameling versier en soos 'n begeerlike kleinood buite jou bereik bly. Kry jy hom in die hande, wil jy hom aan almal vertoon. Sulke mense is ons huidige Voorsitter (en Erelid) en Sekretaris, en soos die goeie wyn stel ons hulle laaste aan u voor;

A J (Arie) Bakker

Rinus Mioch, Schubie Schubart en Fanie Vermaak was daadwerklik betrokke by die totstandkoming en uitbouing van die Afrikaanse Filatelistevereniging. As ons egter terugkyk, sien ons min persone wat so veel in so min tyd verrig het as juis dié Arie Bakker! Hy is 'n wakkere humoris, kwinkslagkoning en 'n lieue mens. Ons sê dit sonder om doekies om te draai – sy gelyke bestaan nie!!

Kom ons kyk vlugtig:

Gebore 1910; Nederlandse bankopleiding; 1946 Reserwebank van Indonesië, tot 1957 'n werksame aandeel in die monetêre bestuur van Indonesië; beland in 1959 in Suid-Afrika en bevind hom van 1961 tot 1975 as finansiële bestuurder van 'n staalfabriek op Boksburg.

Posseëlkundig: Speel reeds sedert 1920 met posseëls; in 1944 moet hy egter sy reeds uitgebreide versameling verkoop om sy gesin met die oorlogstydsde hongerwinter deur te sien; begin opnuut na die oorlog en spesialiseer in 'n aantal lande; toon 'n duidelike voorliefde vir die filatelie met 'n Bybelse agtergrond veral van lande soos Palestina en omringende gebiede.

Hy deel sy versamelbelange met sy seun, lid J A Bakker (kaptein by Protea Lugdiens); spog reeds met 17 kleinkinders van wie drie by ons jeugklub ingeskakel is (almal potensiese Springbokkies op die een of ander gebied); hy behaal vir die eerste maal 'n prys met 'n nasionale uitstalling in Djakarta in 1953 en daarna 'n silwer en silwerbrons met Saphil, 1974.

Ander prestasies: Word lid van al drie plaaslike filatelisteverenigings; eertlang bestuurslid van die AFV en nou reeds drie jaar voorsitter, verwerf AFV-Eretoekenning 1967, Leo Buchen Award (Philatelic Society of Johannesburg) 1974; tans ook ondervoorsitter van die Society of Israel Philately (gelukkig is hy nie om 'n geboortebewys gevra nie!); maak geskiedenis met die eerste aanbieding van 'n referaat in Afrikaans met 'n konferensie van die Federasie van Filatelisteverenigings in Rhodesië, en ontvang daarvoor die Kongrestoeckenning; skryf gereeld vir die AFV se Nuusbrief en die SA Philatelist uiteenlopende en soms prikkelend aanvegbare stellings; word dan ook met die AFV se Skrywersertifikaat en Federasie se Kongrestoeckenning beloon; die jaar 1974 besorg hom 'n bronstoeckenning vir literatuur met 'n internasionale uitstalling te Jerusalem.

Arie se grootste prestasie (wat selfs in die buiteland weerklank gevind het) kry ons met sy uitbouing van die rondsenddiens van die AFV. In agt jaar as rondsendbeheerbeampte het hy deur knap organisasie en groot inspanning en persoonlike opoffering die omset van die diens vertienvoudig en daardeur die AFV se rondsenddiens as die puikste ter lande bewys. Sy hantering van hierdie aangeleentheid het die vereniging se geldsake dermate versterk dat die vereniging dit kan bekostig om nie alleen 'n sterk jeugklub geldelik te onderhou nie maar ook telkens federale hulp te verleen.

As erkenning het hy vir hierdie diens twee seldsame toekennings ontvang: Die J W Schubart-gedenktoeckenning (1967) en die Goue Seëltangetjie (in Italië vervaardig van solide goud). Uit verdere erkentlikheid is lewenslange ere-

"All changes, nought is lost; the forms are changed, and that which has been is not what it was, yet that which has been, is".

Thus quoted William Whewell in the introduction to his "History of the Inductive Sciences" that was published by John W. Parker of West Strand, London in 1837. Those words are equally applicable today, as we have pleasure in announcing the amalgamation of the Argyll Stamp Co. Ltd., with Eric Etkin Ltd., to form

ARGYLL ETKIN LIMITED

The merger will establish an exciting new centre for philately in the heart of London and bring together under one roof, two superb stocks and the expertise of an unsurpassed team of specialists who will be at the service of collectors throughout the world; Also the already renowned valuation and purchasing services offered by the parent concerns will be further strengthened by the amalgamation, thereby enabling owners to ascertain the current market value of their philatelic holdings and if they decide at any time to dispose of their properties outright they can do so to ARGYLL ETKIN LIMITED secure in the knowledge that their stamps and covers have been expertly assessed.

We have signed the lease for showrooms and offices in Bond Street and we hope to move there in March 1976. In the meantime the company will continue to operate from the existing premises at 45 New Bond St., and 265 Strand.

The new organisation **ARGYLL ETKIN LIMITED** will honour all obligations of the present companies and there is no need for existing guarantees or accounts to be reconfirmed in any way. We will announce our new address and telephone numbers shortly and we look forward to a continuance and development of business, without any loss of the personal service for which we have been noted in the past.

Our present clients, friends, and of course new customers will be most welcome at our new premises and should plan to visit us whenever they come to London in the future.

ARGYLL ETKIN LIMITED

Directors: Eric Etkin, C. Angus Parker, W.R. Hart, Norman Entract, Michael J. Hodgson, Arthur J. Brown, Glyn Page, Malcolm Lacey, S. Etkin, S.E. Hart, B.P. Parker.

INCORPORATING

Eric Etkin Ltd.,
45, New Bond St.,
London, W1Y 9HB.
Tel: 01-499-1781/2

Argyll Stamp Co. Ltd.,
265, Strand,
London, WC2R 1AJ.
Tel. 01-242-3688

LINDER Stamp and Coin Albums, PRINZ mounts

the two world-leaders in their respective fields. There are none better. Used once you will use nothing else.

Available from all leading Stamp Dealers or from Agents for Southern Africa:

THEMATIC STAMP SPECIALISTS,

P.O. Box 4376
Johannesburg

401/2, International House,

cor. Loveday/Kerk Streets
Phone: 834-3378

*Congratulations on their 25th Anniversary to the Afrikaanse Filatelistevereniging
and happy hunting for Stamps for the next 25 years.*

**Mount them in LINDNER Albums on blank pages with
PRINZ mounts.**

lidmaatskap in 1973 aan hom verleen.

'n Komitee vir oudio-visuele aangeleenthede is deur die Federasie in die lewe geroep, hoofsaaklik as gevolg van Arie se dryfkrag. Vanselfsprekend is hy dan ook as sameroeper van genoemde komitee aangewys.

E (Erik) Thamm

'n Gebore Estlander (1911) wat in 1937 na Suid-Afrika gekom het; begin hier as geoloog en myningenieur; later na spotprenttekenaar omgesaal; 27 jaar lank spotprenttekenaar van Die Transvaler (Etam); getroud en het 'n seun (wetenskaplik aangelê) en 2 dogters; gepensioneerd maar werk nog; natuurlikehebbber (voëls, visse, plante en klippe).

Klein en skranderskraal (mens pak maklik tien van hulle in 'n Volksie!) maar rateltaai; sy 64 jaar ten spyt draf hy

